**Mei - Junie 2024**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 24, No. 3** **Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei & Jun 2023 *Tomorrow's World*-tydskrifte**



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## ROEP uit die keel, hou nie terug nie

Die Bybelse profete is selde deur die mense van hulle tyd waardeer. Ja, daar wás tye wat sekere individue en groepe hulle waardeer het, maar op die ou einde het baie profete onder martelaarskap gely – net soos Jesus Christus, die enigste volmaakte mens wat ooit in die vlees hierdie aarde bewandel het. Waarom? Die antwoord is eenvoudig: Die profete het 'n boodskap van gehoorsaamheid aan God verkondig en gewaarsku teen die gevolge wat enigiemand wat God en Sy waarheid sou verwerp, sou tref.

God het aan die profeet Eségiël opdrag gegee om die volk Israel te konfronteer met 'n boodskap wat hulle sou verwerp: "Maar die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie; want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart ... jy mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie, omdat hulle 'n wederstrewige huis is" (Eségiël 3:7-9).

Die profeet Jesaja het opdrag ontvang "ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes" (Jesaja 58:1). Dit was nie 'n gewilde opdrag nie en die Israelitiese volk het ook hierdie profeet van God verwerp. Mense wil nie hoor dat hulle gedrag verkeerd is nie. Hulle wil liewer vertroostende woorde hoor – dat God hulle gedrag aanvaar. Is dit nie wat Jesaja vir ons sê nie?

> "Gaan nou in, skryf dit op 'n tafel in hulle teenwoordigheid en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid. Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie; wat aan die sieners sê: Sien nie! En aan die profete: Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!" (Jesaja 30:8-11).

Die evangelis Timótheüs het geweet hoe die laaste dae voor Christus se Wederkoms sou wees. Die beskrywing wat aan hom gegee is, is nie mooi nie, maar dit is verseker akkuraat met betrekking tot ons hedendaagse Westerse wêreld. "MAAR weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou

ook van hierdie mense af" (2 Timótheüs 3:1-5).

**Perversiteit, eksklusiwiteit en ongelykheid**

Ongelukkig sien ons van ons nasies se leiers – politici, nywerheidspresidente en uitvoerende hoofde, die media en akademici – in 'n poging om resies met mededingers te jaag om gedrag te bevorder wat net 'n generasie gelede nie eers in 'n opgevoede samelewing bespreek was nie. Ons sien hoe Bybelse waardes laat vaar, verwerp en bespot word.

Ons hoor die refrein, "Diversiteit en inklusiwiteit" – wat goed klink vir die goedgelowiges wat nie bewus is van wat die voorstanders daarmee beoog nie. *Diversiteit en inklusiwiteit* in hierdie geval is kodewoorde vir aanvaarding van goddelose gedrag. Die drie begrippe wat heilig is vir die "progressiewes" sal eintlik eerliker gestel word as "perversiteit, eksklusiwiteit en ongelykheid".

Neem die indoktrinasie van ons kinders by skole en deur sosiale media in ag. Die alfabetlys van geskiedkundig erkende onnatuurlike gedrag neem aanhoudend toe, maar word gewoonlik verkort tot iets soos LGBTQIA+ en ons behoort noukeurig na die laaste twee beskrywingsletters op te let. "Die 'plus' word gebruik om al die geslagsidentiteite en seksuele oriëntasies aan te dui wat letters en woorde nog nie volledig kan beskryf nie" (*"What Is LGBTQIA+," Gay Center.org*). Hoe merkwaardig is dit dat aktiviste nog moet

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – ROEP uit die keel, hou nie terug nie**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Vier verborge waarhede van Johannes 3:16** 3
*Johannes 3:16 is waarskynlik die gewildste vers in die Bybel. Net 'n paar mense verstaan die diepsinnigheid en die ware omvang van hierdie vers.*

**Ons wonderlike ronde aarde** 8
*Die idee dat die aarde plat is het die afgelope jare verrassend baie aandag ontvang. Die Bybel dui nêrens aan dat die aarde plat is nie.*

**Israel se seun en Amerika se toekoms** 11
*Een man se stryd teen teëspoed in die antieke tyd openbaar die toekoms van ons nasies terwyl hulle tans swaarkry in die gesig staar.*

**Leef nie deur kunsmatige intelligensie (K.I.) leuens nie** 15
*Kunsmatige Intelligensie se vermoë om die werklikheid na te boots is besig om vinnig toe te neem. Is ons besig om die volgende tegnologiese rewolusie te nader?*

**Gebarste rëenbakke** 23

**Die werke van Sy hande: Die merkwaardige bewer** 24

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Vier verborge waarhede van Johannes 3:16

## Deur Richard F. Ames

*"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*

Dit is van die bekendste woorde in die Bybel – Johannes 3:16 – wat hierbo uit die Ou Afrikaanse vertaling aangehaal is. Selfs baie mense wat nie persoonlik vertroud is met die Bybel nie, het dit waarskynlik al op advertensieborde bokant snelweë of op reusagtige baniere by sokkerwedstryde wat nasionaal gebeeldsend word, gesien. Minstens twee bekende Amerikaanse kitskos kettingwinkels druk daardie woorde asook ander Bybelverse op hulle koppies en voedselhouers.

Ongelukkig bly die vers 'n blote slagspreuk vir heeltemal te veel mense en relatief min van hulle verstaan ooit die diepere betekenis van die waarheid wat gevind word in daardie woorde wat deur die apostel Johannes geskryf is. Waarom? Die meeste belydende Christene vertolk hierdie vers na aanleiding van die invloed van eeue se menslike tradisies – wat dikwels met heidense valsheid deurdrenk is, in plaas daarvan om dit deur die lens van die Skrif te sien.

Daar is inderdaad, duisende verskillende vertolkings en menings oor hierdie vers – selfs onder belydende Christene. Die 2001 *World Christian Encyclopedia* identifiseer meer as 33,000 Christelike denominasies en hierdie duisende denominasies verskil onder mekaar in baie van hulle leringe en menings. Hulle kan sekerlik, nie almal reg wees nie!

Kan dit wees dat baie selfs in 'n valse Jesus Christus glo wat nie die Jesus van die Bybel is nie? Jesus Self het ons gewaarsku dat "valse christusse en valse profete [sal] opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Matthéüs 24:24). Aangesien hierdie duisende denominasies sulke wyd uiteenlopende leringe onderrig, kan dit wees dat baie van hulle onwetend in 'n vervalste Christendom glo?

Wanneer ons Johannes 3:16 verstaan, kan dit ons help om hierdie vraag te beantwoord. In hierdie artikel gaan ons kortliks kyk na vier wonderlike waarhede wat in hierdie kragtige en inspirerende vers vervat is. Ons sal egter slegs die oppervlak aanraak oor wat gesê kan word. Om selfs meer te wete te kom, kan u 'n gratis eksemplaar van ons insiggewende boekie: *Johannes 3:16 – Verborge waarhede van die goue vers*, aanvra. U kan 'n gratis gedrukte kopie bestel of dit aanlyn lees by wvm.co.za. Ek sal regdeur hierdie artikel daaruit aanhaal.

Christene noem Johannes 3:16 dikwels "die goue vers". Om die waarheid te sê, dit is 'n vers wat baie kosbaarder is as goud. Wanneer hierdie een vers verstaan word sal dit aan ons dieper insig gee in God se natuur, Sy geregtigheid, die toekoms van die mensdom en die lot van die goddeloses.

**Wie en wat is God**?

Daar is baie verskillende oortuigings wat betref die aard en bestaan van God. Kom ons begin dus by die begin – die eerste vers in u Bybel. "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Génesis 1:1).

Hoe eenvoudig! Sonder om hierdie vers te verstaan, is dit egter maklik om Johannes 3:16 verkeerd te verstaan. In sy insiggewende en inspirerende boekie wat hierbo genoem is, gee die skrywer, Gerald E. Weston – my mede TV-aanbieder en die hoofredakteur van hierdie tydskrif – 'n baie belangrike verduideliking vanaf die heel eerste vers in u Bybel: Die eerste plek waar die term 'God' in die Skrif gebruik word (Génesis 1:1), kom van die Hebreeuse woord *Elohim*, 'n meervoudwoord. Die meervoud van God word in vers 26 bevestig: Toe het God *[Elohim]* gesê: "Laat Ons mense maak na

ons beeld, na ons gelykenis".

Let op "Ons" – dit is meervoud. God is nogtans ook een. Ons lees in Deuteronómium 6:4: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE." Wat openbaar u Bybel oor die verhouding van Jesus Christus en God die Vader? Jesus het verklaar: "Ek en die Vader is een" (Johannes 10:30).

In watter opsig is God "een"? Soos mnr. Weston ons herinner:

> Die nag waarin Hy verraai is, was Jesus op aarde en Hy het tot Sy Vader in die hemel gebid. Let op hierdie duidelike woorde oor eenheid wat in hierdie gebed gevind word: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees" (Johannes 17:20-21). Ons sien dus dat Hy wil hê dat ons almal een moet wees, maar op watter manier? So "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees" (verse 21-23) .

Hoe word ons "een" met God die Vader en Jesus Christus? God is besig om 'n gesin voor te berei. Christene sal weer gebore word en ten volle deel word van daardie gesin by die Eerste Opstanding. Selfs nou ontvang Christene deur handoplegging na die doop, God se Heilige Gees.

Ons het almal die gawe van die Heilige Gees van God nodig, die krag van God, soos Jesus dit in Handelinge 1:8 gestel het en soos die apostel Petrus ons in Handelinge 2:38 vermaan het. Ons dank God dat Hy aan berouvolle sondaars die gawe van die Heilige Gees sal gee, die gees van "krag en liefde en selfbeheersing", soos aan ons in 2 Timótheüs 1:7 vertel word. God is die Vader "van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang" (Efésiërs 3:15). My vriende, bid dat julle ook God as julle Vader kan hê. Jesus het ons geleer om tot die Vader te bid in Matthéüs 6:9-13.

Ons weet nou dat God die Vader en Jesus Christus een is. Hulle is die twee Wesens wat op die oomblik in die een Godgesin is en getroue Christene sal by hulle aansluit wanneer hulle wedergebore word by die opstanding tot onsterflikheid.

Daar is baie meer ontsagwekkende eienskappe van God as waarvoor ons hier ruimte het om te bespreek. Ons is verheug daarin dat God liefde is (1 Johannes 4:8, 16) soos die goue vers beklemtoon. God is ook die Skepper, soos dit hierbo genoem word (vergelyk Génesis 1:1). Vir meer inspirerende aspekte van God se natuur, vra verseker ons gratis studiegids *Die Ware God – Bewyse en Beloftes*, aan. U kan 'n gratis gedrukte eksemplaar bestel of dit aanlyn lees by *wvm.co.za.*

**Is God regverdig?**

Wanneer ons God begin verstaan, wonder ons natuurlik: *Is Hy regverdig?* Sommige algemene "hoofstroom Christelike" idees oor God is werklik ernstige foutiewe menings wat daartoe lei dat baie mense glo dat God nie regverdig is nie.

Baie belydende Christene het 'n verkeerde idee dat God miljarde mense vir ewig in 'n helse vuur sal laat brand – bloot omdat Hy toegelaat het dat hulle gebore word en sterf sonder dat hulle ooit die Naam of van die Evangelie van Christus gehoor het nie. Is dit regverdig? Mnr. Weston werp lig op hierdie vraag in sy insiggewende boekie:

> Die apostel Johannes het duidelik onderrig: "Want so lief het God die wêreld gehad ..." (Johannes 3:16). Hier is "die wêreld" nie 'n verwysing na planeet Aarde nie, maar eerder na die mense wat hier woon. Dit maak nie saak hoe u dit tel nie, volgens enige berekening was daar nog altyd baie meer "ongeredde mense" as "gereddes". Indien God dus die wêreld liefgehad het, hoe kan dit wees? Is Hy so swak dat Hy nie die meerderheid van Sy skepping kan red nie? Dit lei tot 'n vraag: "Is God regverdig? Is Hy 'n aansiener van persoon? Het almal – of sal almal – 'n opregte en regverdige geleentheid vir redding hê?"

Bybelgeleerdes weet dat redding slegs moontlik is deur die Naam van die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus. Soos Handelinge 4:12 dit vir ons duidelik maak: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die

mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."

God het 'n plan vir diegene wat nooit die Naam van Jesus Christus gehoor het nie. Hy sal hulle *nie* veroordeel nie, soos wat baie van die wêreld se belydende Christene glo. Vra u predikant of geestelike leier hierdie vraag: Indien 'n stam mense in 'n afgeleë oerwoud nooit die Naam van Jesus Christus gehoor het nie en dus nooit Jesus Christus as hulle Verlosser aanvaar het nie, sal hulle veroordeel word tot die helse vuur wanneer hulle sterf? U mag dalk geskok wees deur die antwoord.

U Bybel openbaar dat God sulke mense 'n geleentheid vir redding *sal* gee in die Tweede Opstanding en daarna geoordeel sal word. Hierdie oordeel vind plaas ná die duisendjarige heerskappy van Christus op aarde. "En die ander dode" [die res van die afgestorwenes] wat in Openbaring 20:5 genoem word, wat in die tweede, algemene opstanding uit die dood opgewek word.

"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan" (Openbaring 20:11-12). Wanneer die dooies voor God staan, is hulle uit die dood opgewek. U kan 'n beskrywing vind van hierdie opstanding tot fisiese lewe in Eségiël 37, wanneer lewe in die dal van droë bene kom.

In Openbaring 20:12 lees ons "die boek van die lewe, is geopen." Die oorspronklike Griekse woord vir boeke is *biblia*, waarvan ons die woord "Bybel" aflei. Ons lees verder: "... en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke" (verse 12-13). In die Wit Troon Oordeel sal miljarde mense wat nooit die Naam van Christus gehoor het nie, hulle eerste werklike geleentheid vir redding hê. Daardie opstanding tot oordeel kan vriende en familie insluit wat u dalk gedink het vir ewig verlore is!

Baie Christelike denominasies baseer hulle oortuigings meer op tradisie as op die Bybel. Hulle glo nie die eenvoudige stellings van u Bybel nie, al is dit die bron van ware Christenskap.

**Wat beteken dit om te vergaan?**
Baie mense wat deesdae lewe, aanvaar dat hulle nooit sal vergaan nie en glo die heidense leerstelling waarvolgens hulle sogenaamde onsterflike siel nie by die dood sal vergaan wanneer hulle sterf nie. Mnr. Weston skryf verder in sy insiggewende boekie:

> *Webster's Revised Unabridged Dictionary* definieer *"perish"* as: "Om vernietig te word; om te sterf; om niks te word … om te sterf" *("Perish," Websters1913.com).* Ons weet wat dit beteken wanneer kos 'vergaan'. Ons praat van mense wat in 'n vliegtuigongeluk vergaan. Wanneer dit dus kom by die Bybelse sake, waarom hang mense ander, verkeerde betekenisse aan op die woord *vergaan*? Die Bybel stem konsekwent en ondubbelsinnig saam met die standaard woordeboek se definisie van *vergaan!* Dit leer ons duidelik dat lewe en dood teenoorgesteldes is! Nêrens beskryf die Skrif ooit menslike lewe as inherent onsterflik nie. Soos ons reeds gesien het, kan selfs die siel – wat 'n mens ook al dink dit is – sterf (Eségiël 18:4, 20). God se Woord openbaar dat onsterflikheid nie iets is wat ons reeds het nie, maar eerder dat dit iets is wat ons moet *soek* (Romeine 2:6-7) en "moet met onverganklikheid beklee word" (1 Korinthiërs 15:53-54).

Die Bybel openbaar duidelik dat nét God onsterflikheid besit (1 Timótheüs 6:16) en dat onsterflikheid iets is waarmee ons in die toekoms "beklee [sal] word" (1 Korinthiërs 15:53). God se doel is om ons te red van die ewige dood – om ons te red van verganklikheid. Die Skrif maak dit egter duidelik dat diegene wat hulle karakter met boosheid verseël, in die poel van vuur sal vergaan: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood" (Openbaring 21:7).

Die hardnekkige goddeloses sal in 'n poel van vuur vergaan. Hulle sal gestraf word met die

tweede dood waaruit daar geen opstanding is nie. Dit is die straf van die ewige dood. Paulus het geskryf: "... die loon van die sonde is die dood, maar die genade-gawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Ons het nog nie onsterflikheid nie. Die ewige lewe is 'n gawe van God.

Ons sien dus die kontras tussen vandag se tradisionele "Christelikheid" en ware Bybelse Christelikheid. Tradisionele "Christelikheid" leer ons dat ons 'n onsterflike siel het wat vir altyd sal leef en nooit sal vergaan nie, nooit sal ophou bestaan nie. Bybelse Christelikheid leer ons dat onboetvaardige sondaars in 'n poel van vuur sal vergaan, die tweede dood sal ervaar – die ewige dood – en sal ophou bestaan.

Die goeie nuus is egter dat diegene wat werklik in Jesus Christus van die Bybel glo, wie hulle bekeer en gedoop word soos Handelinge 2:38 sê en getrou bly, nie sal vergaan nie – aan hulle sal die gawe van die ewige lewe gegee word. Ons Verlosser openbaar dat Christene wat werklik volgens Johannes 3:16 leef, "nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

**U moet weer gebore word**

Hoe kan ek en u die ewige lewe hê? Johannes 3:3 leer ons dat ons wedergebore moet word, maar wat beteken dit? Baie mense het 'n verkeerde idee.

Die meeste belydende Christene is bekend met die verhaal van Nikodémus die Fariseër, wat in die nag na Jesus toe gekom het en erken het dat Jesus deur God gestuur is. Jesus het vir hom gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Johannes 3:3). Die algemene oortuiging is dat indien u Jesus in u hart as Verlosser aanneem, u op daardie oomblik "weer gebore" word.

Wat het Jesus vir die Fariseër wat stomgeslaan was gesê? "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees" (Johannes 3:5-6).

'n Mens kan eenvoudig die vraag vra: "Is ek gees of is ek vlees?" Fisiese Christene sal verander word en geestelike wesens word tydens die opstanding. Lees wat Paulus skryf oor die wonderbaarlike verandering met die eerste algemene opstanding:

> "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Korinthiërs 15:50-54).

Dit is die tyd waarna Jesus in Johannes 3 verwys het toe Hy gesê het, "wat uit die Gees gebore is, is gees." Ons moet verstaan dat soos met die menslike verwekking en geboorteproses, daar 'n verskil is tussen die woorde "verwek" en "gebore". Mnr. Weston skryf in sy boekie:

> Waarom veroorsaak hierdie saak sulke verwarring? In hierdie Skrifgedeelte in die Woord wat as "gebore" vertaal word, is die Griekse woord *gennao*. Vertalers wat Grieks ken, maar nie die leerstellige implikasies verstaan nie, gee hierdie ongewone woord op verskillende maniere in Engels weer as "gebore", "verwek", "bevrug" of "voortbring". Hierdie oënskynlike klein puntjie kan tot verwarring en tot beduidende misverstande lei, veral oor die konsep van "weer gebore" word.

Wanneer ons God se Heilige Gees by die doop ontvang, word ons Sy verwekte kinders. Ten spyte van die vertalers se leerstellige vooroordeel, word die woord *gennao* korrek vertaal waar ons lees: "GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus

uit die dode ...” (1 Petrus 1:3). Ons Vader in die hemel verwek ons as Sy kinders en as sodanig het ons al God se verwekte kinders lief. Om tydens die eerste algemene opstanding weer gebore te word, moet ons eers tydens die doop *verwek* word.

**God se groot liefde vir ons**

God se ontsagwekkende daad van liefde, deur sy Seun op te offer sodat ons sondes vergewe kan word, het ook die liefde van die Verlosser vereis wat Sy lewe vir ons gegee het. Dink aan Johannes die Doper se getuienis: “Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29). Ons Here het die Pasga-offer vir sondaars geword. “... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Korinthiërs 5:7).

Mnr. Weston skryf breedvoerig oor hierdie grootste liefde in ons gratis studiegids *Johannes 3:16: – Verborge waarhede van die goue vers*. Hy sluit af:

Johannes skryf hierdie woorde van Jesus op die nag waarin Hy verraai is: “Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee” (Johannes 15:12-14). Johannes 3:16 herinner ons daaraan dat God die Vader ons so liefgehad het dat Hy vrywillig Sy Seun gegee het om ons Vriend te wees – om Homself te ledig van Sy goddelike voorregte sodat ons die dood kan vryspring en die ewige lewe kan hê. Kan daar enige groter liefde in die hele heelal wees as wat op daardie Pasgadag byna 2,000 jaar gelede uitgespreek is?

Geagte Leser, u *kan* vergewe word van u sondes en die genade van God ontvang. Op die Pinksterdag in 31 n.C. het die apostel Petrus 'n groot gehoor toegespreek wat Christus se kruisiging ondersteun het. Hy het in Handelinge 2 gesê:

“Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (verse 36-39).

Indien u voel dat God u lei na bekering en die Bybelse doop, kontak asseblief een van ons streekverteenwoordigers by die kantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif). Met die Heilige Gees wat in u werk as 'n getroue gedoopte Christen, kan u self die verborge waarhede van Johannes 3:16 begin ondervind! WvM


# Glo u die Ware Evangelie?

***Wat het Jesus WERKLIK verkondig? Weet u? Moenie so seker wees nie! Wat het Jesus bedoel met “die Koninkryk van God”? Hier is die opwindende Goeie Nuus: Daar GAAN ’n nuwe wêreld kom!***

Skryf in of skakel ons vir u gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# Ons wonderlike ronde aarde

## Deur Wallace G. Smith

Die idee dat Aarde plat is – in plaas van die wonderlik ronde "afgeplatte sferoïed" wat die meeste van ons ken en liefhet – het die afgelope paar jaar verbasend baie aandag gekry. In April 2022 het die Universiteit van New Hampshire berig in verband met 'n meningsopname wat bevind het dat 10 persent van die respondente in die Verenigde State glo dat "Aarde plat is, nié rond nie". Die opnamemaatskappy *YouGov* het bevind dat slegs 66 persent van jong mense tussen die ouderdomme 18 tot 24, ten tye van die peiling, "vas glo" dat Aarde rond is. *YouGov* het verder bevind dat diegene wat glo dat Aarde plat is, meer geneig is om godsdienstig te wees as die algemene publiek.

Trouens, terwyl sommige mense beweer dat hulle op grond van "wetenskaplike" redes glo dat Aarde plat is, sien ander mense die argument wat betref 'n plat Aarde teenoor 'n ronde Aarde onderskeidelik as 'n saak van geloof in God teenoor 'n ateïstiese siening van die wêreld en die skepping. 'n Paar mense wat glo Aarde is plat het selfs vir ons hier by *Tomorrow's World* geskryf om ons aan te moedig om ons lesers te leer dat Aarde plat is – of die teenoorgestelde, om ons te berispe omdat ons die ronde Aarde "leuen" aanhang.

Is "plat teenoor rond" op een of ander manier 'n vraag wat nie beantwoord is nie? Vereis die Bybel van ons om te glo dat Aarde plat is?

Kom ons beskou die vraag noukeurig.

**Bewyse wat enige enigiemand kan sien**

Daar moet van die heel begin af duidelik gemaak word dat daar eenvoudig geen verskynsel op Aarde gevind kan word wat nie deur 'n ronde Aarde verduidelik kan word nie, terwyl daar terselfdertyd – geen logiese verduideliking is vir 'n plat-aarde-teorie wat alle verskynsels so eenvoudig en vindingryk verklaar nie. Die meeste idees van 'n aarde wat plat is, is dikwels *ad hoc*-uitsprake wat nie as 'n geheel bymekaar pas om die wonderbaarlike versameling ervarings te verduidelik wat ons daagliks op hierdie planeet beleef nie. Indien ons verstaan, dat Aarde rond is, verklaar dit egter alles.

Dink net aan 'n paar voorbeelde – geen ingewikkelde toerusting word selfs benodig nie.

Die meeste "plat" modelle het die son en maan wat in 'n sirkel bokant 'n skyfvormige Aarde beweeg. Elke sonsopkoms en -ondergang, sowel as elke maanopkoms en -ondergang is 'n weerspreking van 'n plat aarde idee. Daar is geen plat model wat dit moontlik sou maak dat die helfte van die maan duidelik sigbaar is op die horison en die helfte daarvan daaronder nie. Dieselfde argument geld vir die son. Dit is 'n feit dat die son en maan nooit die horison sal sny nie. Diegene wat probeer om hulle oortuigings van 'n plat aarde op een of ander wetenskaplike grondslag te baseer, werk hard om dit te regverdig, deur maniere uit te vind om lig te buig en om voorwerpe dieselfde grootte te laat vertoon, maak nie saak hoe ver hulle is nie en hulle skep nog ander verbeeldingryke verduidelikings. Niks kom egter naastenby ooreen met die eenvoud wat 'n ronde Aarde bied nie.

Beskou die Maan 'n bietjie aandagtiger. Indien Aarde plat was, sou iemand aan die een kant van die planeet, wat na 'n opkomende Maan kyk en iemand aan die ander kant van die planeet wat na die Maan, wat besig is om onder te gaan, kyk, sou heeltemal verskillende dele van die Maan sien, aangesien hulle dit vanuit heeltemal verskillende hoeke sien. Wat egter die ronde Aarde-model perfek pas, sien albei individue feitlik identiese gedeeltes van die maan, net soos hulle dit sou sien indien die aarde rond en die maan ver weg was, terwyl dit om die aarde wentel. (Dieselfde kan gesê word van sonvlekke, hoewel dit nie met die blote, onbeskermde oog gesien kan word nie.)

Die sterre in die ruimte bo ons is nog 'n getuie. In die noordelike halfrond wentel die sterre elke nag om Polaris, die Noordster. Mense wat glo die aarde is plat beweer dat dit bewys dat die Noordster bokant die pool in die middel van die plat aarde lê. Indien ons

die feit ignoreer dat mense so 'n verskillende gedeelte van die lug sien, afhangende van waar hulle in die noordelike halfrond is, laat ons die parallelle feit in die suidelike halfrond in oënskou neem. Diegene in die verste suidelike dele van die wêreld sien hoe die lugruim om 'n vasgestelde punt in die suidelike lugruim wentel – naby 'n konstellasie wat die Suiderkruis genoem word. In die meeste modelle van 'n plat aarde, behoort dit egter onmoontlik te wees, aangesien daardie modelle glad nie 'n suidpool het nie. Dit is duidelik dat die sterre van die suidelike halfrond nie aanhangers van die plat-aardemodelle is nie.

Sommige mense wat glo die aarde is plat, bied verduidelikings, maar weereens is dit dikwels, *ad hoc* verduidelikings of voorbeelde van "spesiale pleidooie" – nie konsekwente wiskundige modelle wat inpas by al die ander beskikbare bewyse nie. 'n Ronde aardemodel bevestig weereens maklik *al* daardie bewyse en meer.

**Bybelse argumente vir platheid?**

Bewerings van wetenskaplike ondersteuning vir 'n plat aarde slaag eenvoudig glad nie die toets van enige uitgebreide ondersoek nie. Verduidelikings gebaseer op 'n ronde aarde is egter nie net eenvoudig nie, maar ook op sigself konsekwent en het die toets van tyd deurstaan.

Wat van bewerings dat die Bybel ons van 'n plat aarde leer? (Dra sulke eise enige gewig?) Ja, die bevindings van die fisiese wêreld – nie net dié wat deur groot instellings soos NASA ontwikkel word nie, maar waarnemings en eksperimente wat ons as "gewone leke" kan doen – ondersteun konsekwent die bestaan van 'n ronde aarde, maar is daar Bybelse bewyse wat ons behoort te noodsaak om sulke bevindings as van nul en gener waarde te beskou en te verklaar?

Nee, daar is nie. Geen Bybelverse, indien dit reg verstaan word, verg geloof in 'n plat aarde nie.

Sommige mense verwys byvoorbeeld na verse soos Jesaja 11:12, wat die "vier hoeke van die aarde" noem. Selfs plat aarde aanhangers glo nie dat die aarde 'n plat *vierkant* met vier letterlike hoeke is nie. Dit is duidelik dat dit 'n verwysing is na die vier kompasrigtings wat bedoel dat dit die hele wêreld insluit. Selfs vandag gebruik baie mense die uitdrukking "die vier uithoeke van die aarde" sonder enige sweempie van spot en met volle begrip van wat ons sê.

Net so sal sommige mense verwys na gedeeltes wat die "uiteindes van die aarde" noem, soos Psalm 67:8, Miga 5:3 en Handelinge 1:8. Wanneer ons noukeuriger kyk, sien ons dat die Bybel praat van mense wat *op* die eindes van die aarde *woon* (bv. Psalm 67:8, Jesaja 45:22, Lukas 11:31). Is daar enige mense op aarde wat op die rand van 'n plat oppervlak woon? Nee. Die uitdrukking beteken duidelik om tot die verste moontlike uiterstes te gaan – soos om te verseker dat die Evangelie na elke deel van die wêreld uitgaan.

Sommige mense sal verwys na die "uitspansel" – in die woorde van Génesis 1:6-8 in die Ou Afrikaanse Vertaling – wat bo die aarde geplaas is en beweer dat dit bewys dat die sterre, son en maan as deel van 'n harde koepel bokant ons koppe bestaan, asof ons in 'n reuse sneeubol leef. Hierdie woord word in Hebreeus ook vertaal as "uitspansel" of iets wat uitgerek is (sien die *English Standard* Vertaling of die *New American Standard Bible*). Daarom kan gedeeltes soos Génesis 1:20 sê: "... laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel" – want dit is *nie* 'n harde koepel nie, maar die breë hemelruim bokant ons koppe. Weereens word geen plat aarde geverg nie.

Ander mense sal verwys na die "pilare van die aarde" wat in 'n paar verse genoem word, maar word dit letterlik bedoel? Een voorbeeld kom in Psalm 75:4 voor: "Al wankel die aarde en al sy bewoners – Ék het sy pilare vasgestel." Slegs vyf verse later, praat hierdie Psalm ook van 'n beker in God se hand, wat gevul is met rooi, gemengde wyn wat Hy uitgooi, wat die goddeloses van die wêreld laat "opslurp, [en] uitdrink" (vers 9). Hy voed nie letterlik die goddeloses nie en die wyn is duidelik beeldspraak vir Sy toorn (vers 9). Terwyl baie mense versuim om die Bybel letterlik op te neem wanneer dit nodig is, is dit ook moontlik om nie beeldspraak te sien wanneer God dit gebruik nie en Hy gebruik dit *wel*. God is nie letterlik 'n rots nie (Psalm 18:3) en Israel is ook nie letterlik 'n wingerd nie (Jesaja 5:5). Ver-

suim om dit te respekteer wanneer God sommige van Sy uitsprake digterlik uitdruk, dui daarop dat Sy Woord net soveel geminag word soos om Hom nie letterlik op te neem wanneer Hy *wel* letterlik praat nie.

Laastens, gebruik ander mense gedeeltes soos Daniël 4:11, wat 'n boom beskryf wat "tot aan die einde van die hele aarde sigbaar was" of Matthéüs 4:8, waarin die duiwel aan Jesus Christus die hele wêreld wys vanaf "'n baie hoë berg". Sommige lees hierdie gedeeltes en vra: *Hoe kan dit moontlik wees as die wêreld rond is?*

Dit is egter duidelik visioene. Lukas 4:5 noem selfs "in 'n oomblik se tyd" – wat die bonatuurlike element van die visioen beklemtoon. Dit verg geen vereiste om 'n plat aarde te aanvaar nie, net so min as wat dit 'n letterlike bergspits vereis om te bestaan waar sulke uitsigte moontlik is – 'n uitsig wat selfs diegene wat bo-op *Mount Everest* is nie kan sien nie.

Ander gedeeltes kan vereis word deur diegene wat probeer om 'n plat aarde in die bladsye van hulle Bybel te laat inglip, maar hulle verteenwoordig almal soortgelyke misverstande. Daar is eenvoudig géén gedeelte in die Bybel wat van ons verwag om te glo dat die aarde plat is nie en almal van hulle, wanneer dit reg verstaan word, stem ooreen met die fisiese waarnemings van 'n ronde wêreld wat reeds duisende jare lank aangedui het die waarheid te wees.

**Deel van die geskape orde, nie afsonderlik daarvan nie**

Wanneer u daaraan dink, is die mensdom se tuiste baie soos die mensdom self. Neem in ag: Die mens is op dieselfde dag as die landdiere gemaak (Génesis 1:24-31). Hy is fisies gemaak, net soos die diere. Baie van die besonderhede wat ons oor diere leer, met inbegrip van feite oor iets so belangrik soos die brein se struktuur, is op die mens van toepassing. Die mens is deel van die geskape orde en het baie in gemeen daarmee.

Ons planeet het ook baie in gemeen met ander planete van die hemele wat daarmee saam geskape is (Génesis 1:1). Dit wentel om 'n ster, saam met ander planete, wat almal weerstoestande, nag en dag asook seisoene ondervind.

Die mens is egter nie *bloot* 'n dier nie. Hy is na God se eie beeld geskape. Hy is toegerus met vermoëns wat dié van enige dier verreweg oortref en ook aangedryf deur die krag van die Gees van God (Job 32:8), wat hom in staat stel om in gemeenskap met die Skepper te leef. Die mens is duidelik iets baie besonders onder al die lewensvorme van die aarde.

So is die aarde ook iets besonders. Dit is 'n wêreld wat geskik is om as die tuiste van die mens te dien (Jesaja 45:18) en eendag sal dit as hoofkwartier van die ganse heelal dien (Openbaring 21). Al die bewyse tot ons beskikking, toon dat 'n skitterende juweel tussen planete en hemelse voorwerpe is – ryk aan geografiese diversiteit en wemel van lewe, pragtig en glansryk.

Dit is nie 'n "afgradering" van ons planeet om dit as maar net een geskape planeet onder baie te sien nie – net so min as wat dit is om die mens as net nóg een geskape lewensvorm onder baie te sien. Inteendeel, die spesiale toewyding en aandag aan besonderhede wat die Skepper aan Aarde bestee het, net soos Hy dit ook aan die mensdom bestee het, is skitterend duidelik sigbaar vir almal wat hulle oë wil oopmaak.

Ja, ons einste bolvormige Aarde is deel van die geskape orde, net soos Venus, Mars, Jupiter en die ander planete. Soos die mens, troon Aarde uit as iets werklik besonders: Die uniek ontwerpte tuiste van die mens – die toppunt van God se skepping – die handgemaakte middelpunt van die Almagtige se verlossingsplan. Daardie plan wat nou besig is om op Aarde te ontvou, sal eendag die ganse heelal beïnvloed en die hele skepping sal weergalm met die vreugde daarvan (Romeine 8:18-21).

Ons tuiste hier in die kosmos is inderdaad 'n verstommende plek en 'n merkwaardige juweel in die kroon van die skepping. Die feit dat dit rond en nie plat is nie, verminder nie die pragtige waarheid in die minste nie. WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Israel se seun en Amerika se toekoms

**Deur Rod McNair**

*Een man se antieke oorwinning van teëspoed openbaar die toekoms van moderne nasies terwyl hulle die uitdagings van ons huidige tyd in die gesig staar.*

Die geluid van voetstappe het deur die tronk weergalm terwyl onverwagte besoekers die deur van sy sel genader het. Die gevangenes kon gedempte stemme buite hoor. Skielik het die deur oopgeswaai en die wagte het haastig rondgekyk. Hulle het toe een van die gevangenes gegryp – 'n man van omtrent 30 jaar oud – en hom haastig uit die sel geneem.

Buite is die gevangene beveel om 'n nuwe stel klere aan te trek ná hy gebad en geskeer het. Terwyl hy dit gedoen het, het sy gedagtes deur sy kop gemaal. Waarheen neem hierdie mense hom en wáárom? Die wagte het hom daarna haastig uit die tronk geneem en hom voor die magtigste koning van daardie tyd gebring. Die koning het toe begin praat, maar die jong man het nie geweet dat voordat die gesprek beëindig sou word, sy lewe vir altyd sou verander nie.

### Deur sy broers verkoop en deur Farao opgehef

Die man se naam was Josef en die koning was Farao van Egipte. Josef se broers het hom 13 jaar tevore as 'n slaaf verkoop, toe hy net 17 jaar oud was (Génesis 37:25-36). Nadat hy onregmatig daarvan beskuldig is dat hy sy heer se vrou aangerand het, is Josef in die tronk gegooi (Génesis 39:20), net om jare later in sulke verstommende omstandighede vrygelaat te word.

Duisende jare later is die onreg wat Josef aangedoen is steeds skokkend om aan te dink. Ons kan tog aangemoedig en geïnspireer word wanneer ons dink aan die ontbering waardeur God vir Josef gehelp het om te oorwin en die wysheid en krag van God se plan om Josef se mense en die hele nasie van Egipte te red. Daardie plan het egter afgehang van Josef se gewilligheid om homself getrou, met geduld en vertroue, aan God se wil te onderwerp.

Volgens die verhaal wat in Génesis opgeteken is, leer ons dat – na 13 verskriklike jare van slawerny en daarna gevangenskap, Josef skielik deur Farao vrygelaat is. Hy is daarna onverwags verhef tot die tweede hoogste amp van die magtigste regering van daardie tyd. Hoe het dit gebeur?

Farao het verontrustende drome gekry. Die eerste droom het behels dat sewe "maer en lelike koeie" sewe "vet koeie opgeëet" het (Génesis 41:1-4, 18-21). Die tweede droom: "... die sewe maer are het die sewe mooi are verslind" (verse 5-7, 22-24). Die koning se skinker het Josef geken en was bewus daarvan dat hy drome kon uitlê, daarom het hy hom voor Farao gebring. Hier is Josef se uitleg: "Die droom van Farao is een en dieselfde. Wat God van plan is om te doen ... Kyk, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele Egipteland; maar daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek, en al die oorvloed sal in Egipteland vergeet word, en die hongersnood sal die land verteer" (Génesis 41:25, 29-30).

Josef het voorgestel dat 'n verstandige en wyse man (volgens vers 33) aangestel word om graan in te samel ter voorbereiding vir die jare van droogte. Farao het Josef vir hierdie belangrike taak gekies en die grondslag gelê om Egipte en die omliggende nasies van ondergang te red (Génesis 41:56-57). Onder Josef se leiding was Egipte voorspoedig en het die "laaste uitweg" geword gedurende 'n baie moeilike tyd. God het ook Egipte se voorspoed gebruik om Josef te herenig met sy broers wat uit Kanaän na Egipte gekom het op soek na graan (Génesis 42:1-3).

Meer as 3,600 jaar later is hierdie opgang vanuit die tronk tot mag, steeds verstommend! Dit getuig van God se krag om nie net families en stamme te bewaar nie, maar ook hele

nasies. Wat kan ons dus leer uit Josef se opgang tot mag en wat het uiteindelik met Josef se familie gebeur? Kan ons vandag sy nageslag identifiseer? Alhoewel Josef opgang gemaak het, is sy nageslag op pad na ondergang?

**Josef se toekoms is geprofeteer**

Nadat Josef met sy broers herenig is, het hy sy vader Jakob, wie se naam na Israel verander is, laat haal (Génesis 32:28). Wat 'n vreugdevolle hereniging moes dit gewees het met die pa wat hy dertien jaar lank nie gesien het nie! Jakob roep toe sy seuns bymekaar om vir hulle te vertel wat met hulle eindtydse nageslag sou gebeur: "Daarna het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar" (Génesis 49:1). Die bejaarde patriarg het toe 'n profesie gegee oor wat meer as drie duisend jaar later sou gebeur. Hy het onder die inspirasie van God gepraat en Josef se toekoms beskryf: "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; *sy* takke klim oor die muur" (Génesis 49:22). Met ander woorde, dit sal goed gaan met Josef se afstammelinge in die laaste dae en "sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is" en feitlik oorloop van voedsel.

Die nageslag van Josef sou ook 'n sterk weermag hê wat deur God se krag beslissende oorwinnings sou behaal (Génesis 49:23-24) en ook ryk seëninge sou verkry wat dié van ander volke oortref (Génesis 49:25-26). Jakob het ook 'n spesiale seën uitgespreek oor Josef se twee seuns – Manasse en Efraim: "Hy [Manasse] sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer [Efraim] groter wees as hy, en sý nageslag sal 'n menigte van nasies word" (Génesis 48:19).

Die meeste mense neem aan dat Efraim en Manasse – asook die ander stamme wat in die dae van Rehábeam van Juda geskei het – "verlore" was nadat hulle in 721 v.C. deur antieke Assirië gevange geneem is (2 Konings 17:5, 23). Jesus Christus het tog Sy dissipels gestuur om vir "die verlore skape van die huis van Israel" te preek (Matthéüs 10:6). Alhoewel hulle verstrooi was, het Christus en Sy dissipels *geweet* waar hulle was en hoe om hulle te vind. Die apostel Jakobus het ook geweet waar die "verlore" stamme was en het sy brief begin met die inleiding: "... aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is" (Jakobus 1:1). Hulle is glad nie verlore nie!

Nadat hulle uit Assiriese ballingskap vrygelaat is, het die tien "verlore" stamme van Israel – met inbegrip van die stamme van Efraim en Manasse – na Wes-Europa migreer. Die stam van Efraim het uiteindelik uit Groot-Brittanje en die meeste van die Britse Statebond-lande bestaan. Manasse word vandag geïdentifiseer as die Verenigde State van Amerika. Om meer te wete te kom oor hoe die Skrif en geskiedenis die moderne identiteit van hierdie twee stamme openbaar, versoek gerus ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid*-Afrika?

**Josef se vrygewigheid**

Josef se geloof en wysheid – met God se leiding – het 'n deurslaggewende rol gespeel in die bewaring van Egipte en sy omliggende nasies tydens die katastrofiese droogte. Hy is deur sy volk as 'n redder beskou omdat hy nie voedsel weerhou het van diegene wat dit nodig gehad het nie (Génesis 41:57; 47:25; vergelyk Spreuke 11:26). Josef se beleid – terwyl hy weliswaar Farao se mag bevestig het – was 'n seën vir mense wat as gevolg van swaarkry gely het. Soos die geskiedskrywer Josephus opmerk, "[Farao] het hom op Josef beroep, wat die koring aan hulle verkoop het en hy het erken dat Josef 'n redder vir die hele menigte Egiptenare geword het. Hy het ook nie hierdie graanmark oopgemaak vir slegs die mense van daardie land nie, maar vreemdelinge het ook die vryheid gehad om te koop; Josef wie gewillig was dat alle mense, wat van nature aan mekaar verwant is, bystand behoort te hê van diegene wat 'n gelukkige lewe gehad het" (*Antiquities of the Jews*, volume 2, afdeling 6).

Josef was 'n voorstander van 'n ope mark, met toegang vir almal wat voedsel nodig gehad het. Sy dade en beleide was 'n seën en die Skrif openbaar dat daar geprofeteer is dat Josef se eindtyd-afstammelinge, ten spyte van hulle sondes en swakhede, 'n soortgelyke voordelige impak op die wêreld sou hê. God het vir Abram beloof: "En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom

vervloek wat jou vervloek" (Génesis 12:2-3).

Vanaf die vroegste jare toe Europese setlaars die kus bereik het, het God Amerika waarlik geseën! Ten spyte van sy toenemende sondes, was God lankmoedig en genadig en die hele wêreld is bevoordeel as gevolg van God se seëninge op hierdie hedendaagse afstammeling van antieke Israel. Honderd jaar gelede was die Britse Ryk die wêreld se grootste geldvoorskieter-nasie, wat verantwoordelik was vir 'n geraamde 40 persent van buitelandse beleggings regoor die wêreld. Brittanje is vandag egter net een van baie nasies wat met 'n verlammende nasionale skuldlas 'n stryd voer. So was die V.S. ook 'n land van welvaart – ná die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog was dit grotendeels Amerikaanse beleggings wat Europa en Japan gehelp het om van 'n verpletterende nederlaag te herstel. Dit lyk egter asof dieselfde V.S. vandag nie in staat is om die toenemende groei van sy nasionale skuld te kan beheer nie.

Die voormalige "arsenaal van demokrasie" en "broodmandjie van die wêreld" staar inderdaad ongekende uitdagings van die opkoms van China in die gesig. Alhoewel die V.S. steeds die wêreld se grootste jaarlikse BBP in 2021 gehad het – $23 biljoen, – volgens 'n verslag deur Goldman Sachs, was China in die tweede plek op $18 biljoen, En dit word geskat dat hulle die V.S. teen 2035 sal oortref as die huidige tendense voortduur.

Dit is genoeg om 'n mens te laat wonder of al daardie ou seëninge besig is om tot 'n einde te kom. Sal God se geduld met Amerika se toenemende ongehoorsaamheid opraak? Sal die V.S. binnekort nie 'n groter invloed op die wêreldtoneel beklee as Brittanje vandag nie? Wat hou die toekoms in vir 'n post-Amerikaanse wêreld?

**Egipte ná Josef se afsterwe**

Josef het 110 jaar oud geword (Génesis 50:26). Na sy dood het 'n nuwe Farao, Josef se beleid van welwillendheid beëindig en uit vrees die Israeliete gedwing om fisiese harde arbeid te doen as gevolg van hulle toenemende krag in getalle. Exodus 1:11 dui aan dat daar "toe opsigters van dwangarbeid" oor die Israeliete aangestel is. 'n welvarende en lewenslustige samelewing het plek gemaak vir slawerny en dwangarbeid.

Was die vooruitskouing die lot van Josef se hedendaagse afstammelinge? Skrywers, kommentators en selfs politici bespreek deesdae dikwels die "verval van Amerika". Baie mense regoor die wêreld verwelkom die vooruitsig dat die V.S. "verootmoedig" sal word en nie meer 'n leier sal wees nie, maar eerder 'n gelyke of selfs 'n junior vennoot op die internasionale toneel. Soos Trita Parsi van die *Quincy Institute*-dinkskrum onlangs in die *New York Times* geskryf het:

> Daar was 'n tyd toe alle paaie na vrede deur Washington gegaan het. Van die 1978 *Camp David*-ooreenkomste tussen Israel en Egipte wat deur president Jimmy Carter bemiddel is tot die 1993 Oslo-ooreenkomste wat op die Withuis-grasperk onderteken is, tot senator George Mitchell se Goeie Vrydag-ooreenkoms wat die gevegte in Noord-Ierland in 1998 beëindig het, was Amerika die onontbeerlike nasie vir versoening ... Met verloop van jare, soos wat Amerika se buitelandse beleid meer gemilitariseer geraak het en namate die handhawing van die sogenaamde reëls-gebaseerde orde toenemend beteken het dat die Verenigde State homself bo alle reëls stel, blyk dit dat Amerika opgegee het om die deugde van eerlike versoening na te streef *("The U.S. Is Not an Indispensable Peacemaker*," 22 Maart 2023).

Net toe die V.S. inderdaad besig was om internasionale geloofwaardigheid as 'n neutrale tussenganger met gesag te verloor, het China onder president Xi Jinping probeer om daardie rol oor te neem. Nadat hy Amerikaanse beleidmakers verras het met sy China-bemiddelde ooreenkoms tussen Saoedi-Arabië en Iran, het sy pogings om spanning tussen Rusland en die Oekraïne te bemiddel, heel moontlik selfs duideliker die toenemende politieke mag van China en die kwynende status van die V.S gedemonstreer.

Sal Amerika in die toekoms vrede en orde kan bevorder en handhaaf of lê daar chaos en katastrofe voor? Die antwoord kan in u eie Bybel gevind word.

Hou die Bybelse weer-

gawe in gedagte dat God Israel met rykdom en belangrikheid beloon het vir gehoorsaamheid, maar dat Israel in tye van opstand met toenemende vloeke, onbeheerbare siektes, omgewingsrampe en militêre terugslae gestraf is. (Deuteronómium 28:1-25). God het hulle deur Moses gewaarsku dat wanneer sonde in Israel begin toeneem, hulle vorige posisie van wêreld ekonomiese leierskap plek sou maak vir verstikkende skuld en ekonomiese onderdanigheid (Deuteronómium 28:44). Israel het in 721 v.C. in ballingskap gegaan en toe is God se beloftes van seën vir 2,520 jaar uitgestel (Levítikus 26:18), maar selfs nadat die seëninge heringestel is, het Efraim en Manasse dit verkwis en het hulle voortgegaan om ongehoorsaam te wees aan hulle Skepper.

Is die Amerikaanse kultuur besig om toe te neem in groter goddeloosheid of is hulle besig om dieper te verval in losbandigheid? Hou in gedagte dat die V.S. vandag 'n politieke stelsel het wat deurtrek is met skynheiligheid en gierigheid. Die strate en stede raak al hoe gevaarliker. Baie van die kinders word groot met géén morele rigting of leiding nie. God se Wette word bespot en van die openbare platforms verwyder. Die vermaaklikheidsbedryf maak Christendom openlik belaglik, terwyl die media onsedelikheid onderskryf en bevorder. Miljoene mense het onbeteuelde gierigheid en selfsug aanvaar as "die Amerikaanse manier".

Waarheen sal dit alles lei? Moses het gewaarsku dat indien Israel in die eindtyd sou weier om hulle te bekeer, dit 'n algehele en totale ineenstorting sou ervaar, wat sou lei tot *nasionale slawerny*. Let op sy waarskuwing aan Israel: "Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorvloed van alles gedien het nie, sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en Hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het" (Deuteronómium 28:47-48).

Die boodskap is duidelik: Tensy Amerika 'n drastiese koersverandering maak, *sal* dit tot sy ondergang lei. Jesus Christus waarsku oor 'n komende tyd wat bekend staan as die Groot Verdrukking (Matthéüs 24; Markus 13; Lukas 21). Dit is 'n tyd wat ook bekend staan as "'n tyd van benoudheid vir Jakob", wanneer Israel weer in ballingskap sal gaan (Jeremia 30:7). Die geprofeteerde "dier"-mag sal hedendaagse Israel oorval en verower, net soos wat sy antieke voorganger Assirië, in 721 v.C. gedoen het. Hierdie "dier"-mag sal 'n bondgenootskap met 'n groot valse kerk hê en vir 'n kort tydjie sal hierdie godsdienspolitieke mag voorspoed vir nasies oor die hele wêreld bring (Openbaring 18:11-15).

Hierdie voorspoed sal egter teen 'n verskriklike prys kom. Hierdie kortstondige, godslasterlike wêreldmoondheid sal genadeloos regeer en totale onderwerping aan sý wil eis (Openbaring 13:1-8). Godsdiens- en persoonlike vryhede, wat vandag in baie lande as vanselfsprekend aanvaar word, sal verdwyn (vers 15). Kort voor Jesus Christus se Wederkoms, sal hierdie mag 'n verwoestende militêre optrede van vyf maande in die Midde-Ooste uitvoer, soos dit beskryf is in Openbaring 9:9-12. Dit sal 'n vernietigende teenaanval deur 'n leër van 200 miljoen man uit die ooste tot gevolg hê (Openbaring 9:15-18).

Hierdie eindtydse oorlogsbrand sal lei tot 'n algehele kernoorlog, wat 'n derde van die planeet se bevolking sal laat sterf. Die wêreld sal tot op die rand van selfvernietiging gebring word. Was dit nie vir Christus se terugkeer na die aarde nie, sou geen vlees gespaar word nie (Matthéüs 24:22). God sal egter in sy genade nogtans nie toelaat dat die mensdom homself vernietig nie. Jesus Christus sal na die aarde terugkeer, Sy Koninkryk vestig en met billikheid en geregtigheid vir duisend jaar regeer (Openbaring 20:6). Dit sal egter nie gebeur voordat die wêreld deur 'n tyd van ongekende rampspoed gegaan het nie (Matthéüs 24:21).

**Verootmoedig tot grootheid**

So, kan ek en u gespaar word van die komende gruwels van die Groot Verdrukking en die Dag van die Here? Die bemoedigende antwoord is 'n uitdruklike "Ja!"

Dink weer aan die voorbeeld van Josef. As jong man

Vervolg op bladsy 21

# Leef nie deur kunsmatige intelligensie (K.I.) leuens nie

Deur Wallace G. Smith

Kunsmatige Intelligensie, genoem K.I. of *Artificial Intelligence*, (*A.I.*) is wat 'n mens 'n tydperk van beskawing kan noem. Masjiene wat leer en die toenemende vermoë vir rekenaar algoritmes om komplekse aksies uit te voer in nabootsing van menslike intelligensie is niks nuut nie en dit het al vir 'n geruime tyd 'n impak op ons lewens – meestal op onsigbare maniere – soos dit bespreek is in ons Mei-Junie 2016-artikel naamlik "Kunsmatige Intelligensie: Belofte of Euwel?"

K.I. beheer die navigasietoepassing op u slimfoon terwyl u deur die verkeer ry en dit besluit ook watter soekresultate om aan u te bied terwyl u op Amazon inkopies doen. Nuusgebeure is die afgelope maande oorstroom met dramatiese verhale van kreatiewe K.I. – kunsmatige intelligensie stelsels wat teks, beelde, video of oudio, kan produseer wat verstommend lewensgetrou en eg lyk. Dit wil sê, K.I. is besig om die *werklikheid* op 'n toenemend akkurate skaal *na te boots*. Dit is 'n dramatiese verskuiwing.

Die resultaat kan 'n aanwins wees vir kreatiewe werkers op alle terreine – skryfkuns, beeldproduksie, video-redigering, ensovoorts. Dit hou egter ook meer onheilspellende moontlikhede in, aangesien diegene wat dit sou gebruik om mense te mislei, nou nuwe en kragtige werktuie het om die werklikheid na te boots. Hoe naby is ons daaraan om 'n samelewing te skep waarin ons nie meer enige beeld of video waarna ons kyk kan vertrou nie? Sal ons áltyd die verskil kan onderskei tussen vals of vervaardigde beelde en klanke en die werklikheid, of staan ons voor 'n potensiële inligtingsapokalips, soos een navorser dit genoem het?

K.I. se vermoë om die werklikheid na te boots lyk asof dit versnel – op 'n wyse wat vir sommige mense laat glo dat ons op die punt staan van een van die grootste tegnologiese revolusies in die geskiedenis. Wat hierdie maand die modernste tegnieke en tegnologie is, mag binne 'n paar maande dramaties oorskadu word, aangesien K.I.-stelsels en benaderings leer om die werklike lewe op verskeie gebiede na te boots.

**Beelde**

Verskeie maatskappye bied K.I.-aangedrewe modelle aan – soos *Midjourney*, *Stable Diffusion* en *OpenAI* se *DALLE* 2 – wat beelde kan genereer, wat smaakvol sowel as realisties lyk – asof dit deur mense geskep is, maar slegs gebaseer is op 'n tekstuele beskrywing. Indien 'n gebruiker byvoorbeeld 'n beeld wil hê van 'n eenhoring wat deur die ruimte op 'n reënboog verby die planeet Saturnus galop, dan tik hy eenvoudig daardie presiese beskrywing in. Die K.I. genereer dikwels veelvuldige beelde, wat die gebruiker dan kan kies óf kan gebruik óf verbeter met bykomende verwerking. Vir elke versoek word 'n nuwe, unieke beeld geskep.

Die verrassendste is dalk die realistiese beelde. Die generatiewe stelsels kan baie spesifieke insette neem, wat die voorkoms van 'n spesifieke kamera, lens en blootstellingsvlak naboots, gewenste emosies op die gesigte van mense wat uitgebeeld word produseer en watter agtergrond ook al oordra wat die beeld bedoel is om voor te stel. Die resultate kan uiters oortuigend wees, asof die beelde egte foto's is wat geneem is van regte mense in regte omgewings en dit te gebruik om baie mense suksesvol te mislei.

Deesdae kan 'n mens dikwels agterkom dat 'n beeld deur 'n masjien gegenereer, soos kenmerke wat – by nadere ondersoek – gesien word as foutief – byvoorbeeld pupille van die oog wat nie ooreenstem nie of 'n hand met 'n ekstra vinger. Dit lyk egter of die beeldskeppers en hulle menslike gebruikers vinnig leer hoe om hulle resultate te verbeter en hulle foute uit te skakel.

**Gesigte**

Gedurende 2020 het *The New York Times* 'n interaktiewe

artikel op sy webwerf gepubliseer met die titel *Designed to Deceive: Do These People Look Real to You?* Deur gebruik te maak van sy eie opdrag kan K.I. maklik heeltemal vals, maar heeltemal geloofwaardige menslike gesigte genereer. Die *Times* se webwerf het gebruikers toegelaat om beelde van individuele gesigte te manipuleer om hulle ouderdom, geslag, ras en etnisiteit asook emosionele uitdrukking te verander. Nie een van die gesigte het werklike mense verteenwoordig nie en elke een was deur 'n rekenaar geskep – tog was hulle verstommend geloofwaardig. Alhoewel 'n paar klein foutjies dikwels voorgekom het – byvoorbeeld oorvorms wat nie ooreenstem nie of 'n onsimmetriese bril – sou 'n onoplettende kyker dit nie raaksien nie.

Waarskynlik is die gevaarlikste gebruik van K.I.-gegenereerde gesigte die vermoë om werklike mense se gesigte in video's en rolprente te verander, om dit met ongelooflike akkuraatheid in die gesigte van *ander* mense te omskep. Algemeen genoem diep-vervalsings, het die tegnologie die jeugdige gesigte van bejaarde akteurs by rolprente gevoeg om jonger weergawes van hulle karakters uit te beeld en die gesigte van reeds afgestorwe akteurs te verruil vir die gesigte van plaasvervangers. Die Londense maatskappy *Flawless* het sy gesigmanipulasie K.I. gebruik om 'n rolprent se vulgariteite en vloekwoorde te vervang om 'n gradering te verkry wat 'n wyer gehoor sou trek. In elke vervanging lyk dit asof die aktrise werklik die behoorliker woord sê in plaas van die oorspronklike vulgêre weergawe.

**Stemme**

Navorsers en mediaskeppers is besig om K.I te gebruik om merkwaardige realistiese klank te genereer van individue wat dinge sê wat hulle nooit werklik gesê het nie. Nadat na 'n individu se stem geluister is vir byvoorbeeld 30 minute lank, is die rekenaar in staat om enige geskrewe teks te gebruik en klank te skep wat klink asof die individu sélf praat en die teks hardop lees.

Dit word stem-kloning of oudio diepvervalsing genoem deur baie mense en die resultate gaan voort om in kwaliteit toe te neem. Op Presidentsdag van 2023 in die Verenigde State het die digitale ontwerper Linus Ekenstam K.I. werktuie vir teksgenerering en stem-kloning gebruik om 'n *podcast*-onderhoud met Ronald Reagan na te boots, waarin Ekenstam die afgestorwe president uitgevra het oor sy menings wat betref tegnologie, die staat van die V.S., oudpresident Donald Trump. Anders as die staaltjie wat die K.I.-gegenereerde Reagan aangebied het oor sy ontvoering deur vreemdelinge uit die buitenste ruim, was die onderhoud relatief geloofwaardig en die stem het werklik soos Reagan s'n geklink, hoewel minder lewendig en opgewek as wat 'n mens sou verwag indien die oorlede president in persoon ondervra is.

In 'n prominente, hoëprofiel gebruik van tegnologie, het die vermaaklikheid se kraghuis Disney K.I. gebruik om die ikoniese stem van James Earl Jones na te boots – met die akteur se toestemming – vir Darth Vader se gesproke reëls in sy *Obi-Wan Kenobi* stroming TV-reeks. Die tegnologie verbeter toenemend. In Januarie 2023 het 'n vooraf gedrukte Cornell Universiteit se vraestel oor 'n berekening en taal 'n K.I. stemvervaardigde stelsel gedemonstreer wat in staat was om 'n persoon se stem wesenlik en realisties te reproduseer, na opleiding op proefpersone van *drie sekondes lank*. Die model laat gebruikers selfs toe om die stem se inherente emosionele kwaliteit te verander.

**Gesprekke**

*ChatGPT*, 'n taalverwerkingswerktuig wat mensgeskrewe teks en gesprekke naboots, het onlangs wye aandag ontlok met die huidige vlak van K.I. gesofistikeerdheid. Aangedryf deur die groot *GPT-3*-taalmodel en aan die publiek beskikbaar gestel deur sy skeppers, *OpenAI*, was *ChatGPT* die eerste ervaring wat baie leke gehad het met K.I. se vermoë om menslike reaksies na te boots.

*ChatGPT* kan 'n teksgesprek voortsit of ingewikkelde konsepte in eenvoudige terme verduidelik en oorspronklike inhoud produseer wat lyk of dit deur 'n mens geskep is, selfs wanneer die belaglikste scenario's aangebied word. Wanneer gevra is om oorspronklike poësie, 'n liedjie se lirieke of selfs draaiboeke oor enige onderwerp denkbaar na te boots of om denkbeeldige transkripsies van gesprekke tussen bekende individue wat

nog nooit ontmoet het nie te skep of bloot om 'n bekende skrywer se skryfstyl na te boots en *ChatGPT* sal aan die versoek voldoen met verbasend menslike resultate.

*ChatGPT* het egter deesdae tekortkominge. *OpenAI* het erken dat daar vooroordeel in die politieke en ideologiese neigings van die ontsaglike inhoud wat *ChatGPT* beoefen het, is. Navorsers en toetsgebruikers het kennis geneem van die geneigdheid van *ChatGPT* en ander soortgelyke K.I. *chatbots* om te hallusineer terwyl gesprekke vir lang tye voortduur, wat beteken dat die K.I. begin om feite weer te gee wat duidelik onakkuraat is. Dit is veral waar wanneer die menslike kommunikasie met die K.I. doelbewus werk om die algoritme te verskuif na gebiede waarvoor dit nie ontwerp is nie. Navorsers werk nogtans voortdurend daaraan om hulle K.I. stelsels te leer om sulke slaggate te vermy en om menslike interaksie al hoe meer suksesvol na te boots.

**Kragtige werktuie in gevaarlike hande**

Namate kunsmatig intelligente werktuie al hoe kragtiger word in die vermoë om verskeie fasette van die werklike wêreld na te boots – beelde, video, stem, teks – neem die vermoë van individue, korporasies en regerings toe om daardie werktuie te gebruik om ander mense te mislei. Dit is trouens besig om te gebeur en dit gebeur alreeds vir 'n geruime tyd.

Gedurende 2019 het die *Associated Press* berig dat 'n LinkedIn-gebruiker met die naam Katie Jones 'n vervalste rekening was wat waarskynlik vir spioenasie gebruik is. Die nie-bestaande Katie Jones het 'n K.I.-gegenereerde gesig gebruik vir die rekeningprofiel en het konneksies ontwikkel met baie individue, betrokke by Amerikaanse politiek en beleidvorming. Die *Associated Press* het die destydse direkteur van die Amerikaanse nasionale teenintelligensie- en sekuriteitsentrum, William Evanina, aangehaal wat gesê het dat China sulke rekenings met valse profiele gebruik om grootskaalse spioenasie op die V.S. uit te voer.

Baie *Facebook*-gebruikers het eienaardige teksboodskappe ontvang wat oënskynlik gestuur is deur 'n vriend wat in die moeilikheid is en wat dringend finansiële hulp benodig. Oplettende lesers sien sulke slenters vinnig raak – dalk weens die gebrek aan persoonlike besonderhede of die onpersoonlike trant van die boodskap. Teksgegenereerde sagteware kan binnekort mense se sosiale media-plasings naspoor en hulle styl met merkwaardige en bedrieglike akkuraatheid naboots – selfs om te reageer op vrae met die stem van die veronderstelde identiteit, met antwoorde wat persoonlike besonderhede insluit.

Gedurende 2019 was K.I. die stukrag agter 'n hoë tegnologiese (*high-tech)* korporatiewe telefoon bedrogspul. *The Wall Street Journal* het op 30 Augustus daardie jaar berig oor die saak van 'n naamlose V.K. firma wat uit €220,000 (VS$243,000) bedrieg is deur swendelaars wat K.I. gebruik het om die stem van die hoof uitvoerende beampte van die firma se Duitse moedermaatskappy na te boots. Soortgelyke tegnologie het sedertdien baie gevorder.

Hoeveel meer suksesvol sal sulke swendelary wees wanneer die K.I. swendelaar in staat is om met slagoffers te kommunikeer en elke verifikasie te slaag? Deur mnr. Evanina [Direkteur van V.S. kontra-spioenasie] se grootskaalse spioenasie is bevind dat toepassings en programme soortgelyke massa-swendelary moontlik maak, aangesien 'n enkele swendelaar daartoe in staat is om honderde of selfs duisende programme op een slag in werking te stel.

Namate die bestaan van K.I. sagteware al hoe meer algemeen raak neem eise van diepvervalsing toe wanneer nuwe video's of ander beelde na vore kom. In baie gevalle blyk sulke bewerings waar te wees. Namate die vermoë van K.I. om die werklikheid na te boots steeds verbeter, sal daardie bewerings al hoe moeiliker word om te bewys.

**Kunsmatige verhoudings**

Sommige gevare is meer subtiel. In Julie 2021 het die *San Francisco Chronicle* opslae gemaak met sy artikel *The Jessica Simulation: Love and Loss in the Age of A.I.* Die verslaggewer Jason Fagone het beskryf hoe 'n jong man *Project December*, 'n *GPT-3*-gebaseerde toepassing wat deur die speletjie-ontwerper Jason

Rohrer gebou is, om teksboodskappe van sy oorlede meisie op te laai sodat die *chatbot [instant messaging]* haar in gesprek kan naboots, asof hy gereeld met die oorledene praat. Die voorbeeld het mnr. Rohrer geïnspireer om op *Project December* te fokus as 'n manier om – in die woorde van sy byskrif – die dooie na te boots. Dit het blykbaar daartoe gelei dat *OpenAI* veiligheidsmaatreëls van mnr. Rohrer vereis het wat hy nie bereid was om toe te pas nie, wat hom genoodsaak het om die projek te beëindig.

Die moontlikheid om die dooies weer te laat herleef lyk tog nie so onaanvaarbaar vir die megakorporasie, Amazon nie. Op sy Junie 2022 K.I. tegnologie-konferensie, het Amazon 'n video vertoon wat 'n kind uitbeeld wat aan sy Alexa-toestel vra: Alexa, kan ouma vir my *The Wizard of Oz* klaar lees? Die toestel antwoord, OK en gaan dan voort om die boek in die stem van die kind se oorlede ouma te lees.

Terwyl die idee van mense wat interaksie het met nabootsings van hulle afgestorwe geliefdes sommige mense kan opbeur, behoort ons onsself af te vra: Is dit 'n gesonde praktyk? Voor die video vertoon is, het Amazon se senior vise-president en hoofwetenskaplike vir Alexa gesê dat hierdie ontwikkelings blywende persoonlike verhoudings moontlik maak. Dit maak egter nie saak hoeveel interaksies of gesprekke 'n mens mag hê met 'n K.I. toestel wat 'n menslike wese naboots – maak ook nie saak hoe intens of innig of roerend dit mag wees nie – 'n mens is nie in 'n verhouding met 'n dooie nie. 'n Leuen word geleef! Dit is moeilik om die moontlikheid vas te stel of sulke fantasieë op die lange duur veel meer skade as goed sal doen

**Kragtige werktuie vir die vader van leuens**

Waarheen dit alles op pad is en boonop baie vinnig ook kan gebeur – behoort duidelik te wees vir enigiemand wat die identiteit van die god van hierdie wêreld verstaan (2 Korinthiërs 4:4). Satan, die duiwel, heers steeds oor die mensdom, waarin die gees van ontvang baie kragtiger bly as die gees van gee. Jesus Christus noem hom die vader van leuens en in hierdie wêreld wat die duiwel se karakter op elke vlak weerspieël, is misleiding lank reeds een van die gewildste werktuie vir fisiese mense wat wil steel, vernietig en manipuleer. K.I. ontwikkel vermoëns wat daardie werktuig versterk.

Hoeveel chaos kan geskep word in 'n wêreld waar dit lyk of die werklikheid self hervorm kan word in diens van valsheid?

Valse beskuldigings is lank reeds deel van wêreldpolitiek. Stel u nou die vermoë voor om vals maar heeltemal geloofwaardige bewyse te skep om daardie beskuldigings te ondersteun. Stel u voor dat iemand byvoorbeeld stemkloningstegnologie gebruik om die stem te herskep van 'n politikus wat per ongeluk op 'n mikrofoon betrap word terwyl hy sy ondersteuners beledig of erken dat hy 'n misdaad gepleeg het. In verkiesings waar skommeling van slegs 'n paar persentasiepunte genoeg is om die uitslag te bepaal, hoef sulke video's nie almal te oortuig nie – dit is nodig om net genoeg mense te oortuig om 'n verskil te maak.

Soortgelyke manipulasies kan gedoen word om 'n impak op geopolitiek te maak. Stel uself voor dat vals beeldmateriaal van 'n diplomaat in 'n sleutelposisie wat ekonomiese sanksies of selfs militêre optrede teen 'n ander nasie bespreek, vertoon word. Watter soort reaksies kan uitgelok word deur diegene wat nasionale agendas wil manipuleer?

'n Vervalste opname van 'n wetenskaplike wat erken dat mediese eksperimente vervals is, kan die publiek se vertroue in die resultate vernietig. 'n Vals opname van 'n premier om kiesers om die bos te lei wat in die geheim ooreenkomste verbreek wat hy met ander wetgewers aangegaan het, kan net genoeg twyfel saai om 'n beslissende stem in 'n verkiesing te verander.

Individue wat uitgebeeld word, kan natuurlik uitroep: Totaal vals! Stem-kloning! K.I. vervalsing! – soos hulle na regte behoort te doen indien hulle die slagoffers van rekenaargegenereerde regsverdraaiing is. Werklik *skuldige* partye sal ook sulke bewerings begin maak. Namate gevalle van K.I.-aangedrewe misleiding al hoe meer verwag word – selfs algemeen – sal werklike oortreders wat in byvoorbeeld video- of oudio-opnames gevang is, die voor-

deel aangryp om te beweer dat hulle ook slagoffers is van digitale leuens en ingewikkelde hoë tegnologiese *(high-tech)* skelmstreke, selfs wanneer dit nie so is nie.

Hoe sal die meeste mense kan onderskei?

**Menslike geneigdheid tot selfbedrog**

Namate K.I. toeneem in sy vermoë om die werklike lewe na te boots, kan ons natuurlik 'n parallelle groei in K.I.-gebaseerde werktuie verwag wat ons sal help om tussen die vervalste en die ware Jakob te onderskei – K.I. toepassings wat K.I. vervalsing kan uitken. Hoërskoolonderwysers regoor die wêreld vrees dat studente hulle tuiswerk opdragte wat deur K.I. *chatbots* gedoen is, sal inhandig. *OpenAI* het al begin met die ontwikkeling van 'n K.I. klassifiseerder wat sal help om 'n teks te identifiseer wat deur 'n mens- of K.I.-geskep is.

Die maatskappy erken nogtans dat (van 31 Januarie 2023 af) die werktuie nie ten volle betroubaar is nie. Volgens die maatskappy se webwerf identifiseer die werktuie 26% van KI-geskrewe teks (werklik positief) korrek as 'waarskynlik K.I.-geskrewe', terwyl mens-geskrewe teks 9% van die tyd verkeerdelik as K.I.-geskrewe bestempel word (vals-positief). Dit is nie juis 'n bemoedigende resultaat nie, alhoewel daar gehoop word dat verbetering sal volg na mate meer terugvoer ontvang word.

Die grootste swakheid wat ons ervaar in die stryd teen K.I. gedrewe misleiding is nie soseer in die krag van die tegnologie nie, maar in ons eie menslike natuur. Volgens die Skrif is die mees misleidende krag in elkeen van ons se lewens nie uitwendig nie, maar innerlik – ons eie harte (Jeremia 17:9). God verklaar dat die hart bo alle dinge bedrieglik is en waarlik slegs met Sy hulp verstaanbaar is (vers 10). Ons eie natuur is meer as in staat om enige pogings om waarheid van leuens te onderskei, teen te werk en druk op ons uit te voer en ons aan te spoor om gemaklike valshede bo ongemaklike waarhede te aanvaar.

Indien 'n video sy weg sou vind tot by die sosiale media wat 'n politikus uitbeeld wat daardie kiesers wat nie van hom hou nie verwag dat hy sou doen, hoe gereed sou hulle wees om te aanvaar dat dit waar is – met geen verdere bewyse benodig nie? Indien 'n klankgreep van 'n kongreslid of president op die nuus gedeel word wat dit laat lyk asof hy skuldig is aan presies wat sy teenstanders hom van beskuldig, hoe vinnig sou diegene wat teen hom gestem het dit glo?

Baie van ons leef reeds in 'n self-geskepte digitale media-borrel. Baie mense het trouens die grootste faktor in hulle eie selfbedrog geword. God profeteer dat, in die laaste dae van die beskawing, dit so sal wees.

God beskryf diegene wat in die eindtyd leef en sê: "Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie" (Jesaja 30:9). Hy gaan voort en betreur dat hulle aan die sieners sê: "Sien nie! en aan die profete: Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry" (vers 10).

Natuurlik skree amper niemand letterlik, "Lieg vir my!" nie. Die harte van mense gedurende die jare wat tot Jesus Christus se Wederkoms lei, sal net dít wil hê. Hulle sal al hoe minder belangstel om die waarheid te hoor en al hoe meer belangstel om bedrieg te word wat bevestig wat hulle reeds glo, waar is. Sulke mense is gereed om mislei te word en vra letterlik daarvoor.

God sê vir ons huidige geslag in die woorde wat deur die profeet Jeremia opgeteken is: "'n Ontsettende en afskuwelike ding het in die land gebeur: die profete profeteer vals, en aan hulle sy oefen die priesters mag uit, en my volk wil dit graag so hê" (Jeremia 5:30-31).

**Vestig uself in die waarheid**

Onmiddellik daarna vertel Jeremia vir ons dat God 'n vraag vra: "Maar wat sal julle doen aan die einde daarvan?" (vers 31).

Wat *sal* u doen?

Min van ons het die tyd en hulpbronne om kunsmatige intelligensie-kundiges te word. Ongeag of 'n vlaag van K.I.-gedrewe misleiding op pad is, ons wêreld is op pad na 'n tyd van ongekende misleiding en valsheid. Die Bybel waarsku ons dat bedrieërs baie in getal is, met meer wat kom (1 Johannes 2:18; Matthéüs 24:24) en die apostel Johannes teken die geïnspireerde beskuldiging aan dat die hele wêreld onder die misleiding

van Satan verkeer (Openbaring 12:9).

Wanneer daar sekerlik 'n stormwind van misleiding kom, is die belangrikste besluit wat ons kan neem is om onsself te vestig in daardie dinge wat waar en betroubaar is – altyd en in alle omstandighede – ewige waarhede, onaantasbaar vir nabootsende illusies van die waarheid.

Daardie waarhede word gevind in Jesus Christus, die Seun van God en Sy Vader. God se Woord is waarheid (Johannes 17:17) en behalwe blote waarheid, is die Woorde van Christus gees en *lewe* (Johannes 6:63).

Indien u u verstand wil beskerm teen die aanslag van toekomstige misleiding soos wat geprofeteer is – of dit nou leuens van die tradisionele verskeidenheid of leuens van die K.I. tipe is – om dan u hart voor te berei om alle dwalings en selfbedrog te verwerp, gekoester of nie en om die verstand van u Skepper na te streef, is die wysste eerste stap wat u kan neem, want Hy is "Die Rots – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy" (Deuteronómium 32:4). WvM


# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!


***Vervolg vanaf bladsy 23 – Gebarste reënbakke***

*voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* aanvra.)

U as 'n enkeling kan egter onthou en die seëninge wat God vir u bedoel het, insamel. U kan die lewensveranderende waarhede van die Skrif leer. U kan 'n lewenswyse wat "water hou" uitleef – die lewende waters wat die Heilige Gees uitbeeld. Boetvaardige sondaars het God se hulp, deur middel van die Heilige Gees, om ware veranderings te kan aanbring in hulle lewens namate hulle begin om te leef volgens God se Weg en begin om nie net die seëninge te ontvang wat in hierdie lewe sal kom nie, maar ook dié wat met Christus se Wederkoms, in die Koninkryk van God, sal kom.

Ons by die Wêreld van Môre wil u graag help om te leer en te groei. Al ons leesstof word heeltemal gratis verskaf. Het u al oorweeg om in te skryf vir ons *Wêreld van Môre se Bybelstudiekursus*? Indien wel, kan u ons streekkantoor die naaste aan u (soos gelys op bl. 2) nader, of na ons Webtuiste by www.wvm.co.za, gaan om meer te leer. Kyk nog vandag daarna! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Israel se seun en Amerika se toekoms*

het hy buitengewone deursettingsvermoë getoon om sukses te behaal. Dit kan gesien word in sy diens aan Pótifar en sy werk vir die tronkbewaarder (Génesis 39:2-3, 5, 21-23). Selfs vóór Josef se verblyf in Egipte, het God hom laat droom oor sy uiteindelike leierskapsrol oor sy broers wat voorspel is (Génesis 37:5-11). Josef het nogtans baie gehad om te leer voordat hy gereed was om die beheer oor te neem. Dit was vir God nodig om hom te toets en te onderrig. Hy het toegelaat dat Josef verootmoedig word en sy trots en ydelheid verpletter word. Josef het God getrou gehoorsaam en soos elke dag verbygegaan het, het hy geleer om geduldig op God te wag en op Sy wil te vertrou – hy het 'n man geword wat God kon gebruik in die hoogste regeringsvlakke in die grootste nasie van daardie tyd.

Die dringende oproep vir ons vandag is duidelik: Indien ons ons Verlosser, Jesus Christus liefhet, moet ons daarna streef om Hom en Sy Wette te gehoorsaam (Johannes 14:15). Ons moet op Hom vertrou vir ons seëninge – in plaas daarvan om op ons eie vindingrykheid en krag staat te maak (Deuteronómium 8:18). Ons moet waarlik God se wil eerste stel, sonder enige voorwaarde, soos Jesus dit Self gedoen het (Matthéüs 26:39).

Is ons werklik bereid om verootmoedig te word, soos Josef verootmoedig was? Dit is die hoogste toets! Die profeet Maleági het geskryf: "WANT kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees" (Maleági 4:1). Jesus Christus het vir Sy volgelinge gesê: "En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; [in opregte en volkome bekering]; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel" (Matthéüs 21:44). God het groot beloftes aan hedendaagse Christene gegee – selfs dat hulle saam met Hom in Sy Koninkryk sal regeer (Openbaring 20:6). Ons moet egter eerstens soos Josef, absoluut toegewyd wees om God se wil in ons lewens uit te voer!

Die apostel Johannes skryf: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Johannes 1:8-9). Dit is nou die tyd vir diegene "Wie ore het om te hoor" om hulle te bekeer (Matthéüs 13:9) – want selfs in hierdie laaste dae, beloof God hulp en verlossing aan diegene wat Hom van harte soek.

Die Amerikaanse era sal binnekort eindig, soos deur die Bybel voorspel. In baie opsigte het dit rééds geëindig. Moet dus nie dat die ondergang van die V.S. u onverwags oorval nie! Jesus Christus het bemoedigende instruksies gegee oor hoe ons die komende onstuimige tye met moed en geloof tegemoet kan gaan: "MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie ... Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

Maak seker dat u en u geliefdes die lesse van Jakob leer en gereed is vir die wêreld ná die ondergang van Amerika!


# Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

# Vrae & Antwoorde

## Is Jesus Christus 'n geskape wese?

**Vraag:** Sommige groepe wat hulleself Christene noem, verkondig dat Jesus Christus 'n geskape wese is. Is Hy geskape of bestaan Hy van ewigheid af?

**Antwoord:** Die idee dat Jesus deur God die Vader geskape is, berus op 'n foutiewe begrip van die taal wat in Kolossense 1:15 en Openbaring 3:14 gebruik word, sowel as 'n onvermoë om die plan van God te verstaan soos dit op die mensdom van toepassing is.

Die Bybel toon egter dat die Vader sowel as die Seun vir ewig sélf bestaan. Al is daar net een God (Deuteronómium 6:4; 1 Korinthiërs 8:4), toon die Skrif dat hierdie een God een Goddelike *Gesin* is wat uit *meer* as een Wese bestaan (Génesis 1:26; Efésiërs 2:19; 3:15).

Volgens die Bybel is Jesus Christus die God van die Ou Testament, die "Woord" *(logos)* deur wie die Vader alle dinge geskep het (Johannes 1:1-3; 1 Korinthiërs 10:4; Efésiërs 3:9; Hebreërs 1:2). Nadat Hy Homself van Sy goddelike krag ontledig het (Filippense 2:7) om te sterf en die straf vir ons sondes te betaal (Romeine 6:23), het Jesus die "Eniggeborene wat van die Vader kom" geword (Johannes 1:14, 18; 3:16, 18) asook die Verlosser van die mensdom (1 Johannes 4:14). Hy het vir ons sondes gesterf en is weer opgewek sodat ons van die ewige dood gered kan word (Handelinge 4:10-12).

**Die *Beginner* van God se skepping**

Sommige mense verwys na die *King James* Vertaling en die *New King James* Vertaling van Openbaring 3:14 as bewys dat Jesus Christus 'n geskape wese is, aangesien dit Hom beskryf as die "begin van die skepping van God". Die probleem is geleë in die vertaling van die Griekse woord *arché*, wat in die Ou Afrikaanse Vertaling as "begin van die skepping" weergegee word. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling dui dit korrek aan: "Hy deur wie God alles geskep het". Hoe gee ander vertalings hierdie woord weer? Die *New Revised Standard* Vertaling lees dat Christus "die oorsprong van God se skepping" is en die *New International* Vertaling lees dat Hy "die heerser van God se skepping" is. *Arché* sou beter weergegee word om Christus as die "Beginner" of "Ontwerper" van die skepping aan te dui. Soos hierdie vertalings dit duidelik maak, impliseer Openbaring 3:14 nie dat Jesus die eerste geskape wese was nie; maar eerder dat Hy (Jesus Christus) die Een is wat álles geskape het na aanleiding van en in opdrag van God die Vader.

Sommige mense verstaan Kolossense 1:15 verkeerd. Hulle verstaan dat Christus "die Eersgeborene van die hele skepping" was, met ander woorde, dat Hy deel van daardie skepping was. Die Griekse woord wat hier vertaal word as "Eersgeborene" – *prōtotokos* (van *prōtos*, wat "eerste" beteken en *tiktō*, wat "om te verwek" beteken) – dui nie daarop dat Jesus geskape is nie. Dit herinner ons eerder daaraan dat Hy deur sy opstanding die "voorrang" gehad het as "Eersgeborene uit die dode" (vers 18; Openbaring 1:5). *Vine's Complete Expository Dictionary of Old and New Testament Words* merk tereg op ten opsigte van Kolossense 1:15 dat Sy, [Christus se] ewige verhouding met die Vader in die vooruitsig is en die klousule beteken dat Hy die 'Eersgeborene' is vóór die hele skepping en dat Hy self die skepping voortgebring het (die genitiewe selfstandige naamwoord is die voorwerp van die oorspronklike werkwoord en derhalwe objektief, soos vers 16 dit duidelik maak) (bl. 241) "... want in Hom [Christus} is alle dinge geskape" (vers 16). Hy het Homself nie geskape nie!

**Geen begin of einde nie**

Nog 'n belangrike sleutel om die apostel Paulus se leer te verstaan word gevind in Hebreërs 7. In die dae van Abraham was Melgisédek die koning van die stad wat later Jerusalem genoem sou word en Priester van die Allerhoogste God (Génesis 14:18). Paulus skryf dat Melgisédek van ewigheid af bestaan het, en "sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of

*Vervolg op bladsy 26*

# Gebarste reënbakke

## Deur J. Davey Crocket, III

*Hou u in u lewe vas aan God se Waarheid?*

"Gaan Groen" is hoogmode noudat sukkelende ekonomieë en brose ekosisteme reg oor die aarde die noodsaaklikheid besef van bewaring en herbenuting. Mense in welvarende Westerse lande gebruik deesdae items wat hulle vroeër onnadenkend sou weggooi, vir 'n ander doel of herbenut dit. Op elke vlak word gestreef na meer energie-doeltreffende maniere om in ons daaglikse behoeftes te voldoen. Agtelosige vermorsing maak net nie goeie sin nie.

Terwyl ek onlangs vriende gehelp het om tenks vir reënwater te installeer om die reënwater op te vang wat in hulle huis se geute afloop ('n gewoonte wat algemeen in gebruik was in jare voor moderne stedelike loodgieterswerk roetine geword het), het my gedagtes gedwaal na 'n Skrifgedeelte wat baie betekenisvol kan wees vir diegene wat sal stilstaan om dit te oordink.

Iewers tussen 635 en 605 v.C. het die antieke profeet Jeremia – wat soms die "wenende profeet" genoem word – 'n ernstige waarskuwing gerig aan die "huis van Jakob en alle geslagte van die huis van Israel!" (Jeremia 2:4). Hy het die sondes van die nasie opgenoem en geprofeteer wat die verskriklike gevolge sal wees indien die mense weier om weg te draai van hulle sondige weë. Hy skryf: "[Kyk] of 'n nasie sy gode verruil – wat nie eers gode is nie. Maar my volk het sy heerlikheid verruil vir wat geen voordeel bring nie. Verbaas julle hieroor, o hemele, en huiwer, verstyf heeltemal van skrik, spreek die HERE. Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie" (verse 11-13).

Wat is 'n reënbak? Dit is 'n houer waarin water opgeberg kan word, gewoonlik ondergronds. Deur gebruikmaking van hierdie analogie, wat het Jeremia aan daardie mense so lank gelede gesê? Het hy ook 'n boodskap vir ons vandag?

Dit is duidelik dat die mense van Jeremia se tyd God se glashelder opdragte oor hoe om hulle lewens te leef, geïgnoreer het. Hulle het God se gebooie nie gehoorsaam nie; hulle was nie gemoeid met mekaar nie. Hulle leiers het hulle op 'n dwaalspoor gelei en hulle was maar te gewillig om die stroom te volg.

Hulle liefhebbende God het hulle ryklik van "lewende waters" voorsien – geestelike waarhede en seëninge – maar hulle het nie daardie lewende waters behou nie. Dit was eerder in gebarste reënbakke gehou waaruit dit weggesyfer het en vir niemand enige voordeel ingehou het nie.

Ons gebruik vandag nog steeds daardie uitdrukking. Wanneer ons hoor van 'n onbewese skema of 'n idee wat nie werkbaar is nie – wat sekerlik sal faal – mag ons dalk sê: "Jou plan sal nie water hou nie!"

Wat van u? Sal u oortuigings, waardes en handelinge "water hou" onder die vergrootglas van God se woorde soos ons dit in die Bybel vind? Is u besig om deur getrouheid en gehoorsaamheid as 'n boetvaardige volgeling van Jesus Christus, God se waarheid en Sy seëninge op te berg? Het u miskien gefaal, deur verwaar-losing en rebelsheid, om te fokus op wat die mees belangrikste in die lewe is, en dus vir u self gebarste reënbakke uitgekap wat nie water kan hou nie?

God se Woord aan antieke Israel, gebring deur die profeet Jeremia, het vandag nog steeds betekenis vir "geestelike Israel." In Jeremia se tyd het God geweeklaag: "Maar my volk het My vergeet, dae sonder getal" (Jeremia 2:32). Hoeveel te meer is dit nie deesdae waar nie, nou dat die meeste van die "Tien Verlore Stamme" hulle oorsprong totaal vergeet het! (Vir meer inligting oor die hedendaagse identiteit van die antieke Israelitiese stamme, kan u gerus ons gratis boekie, *Wat lê*

*Vervolg op bladsy 20*

# Die werke van Sy hande: Die merkwaardige bewer

**Deur Stuart Wachowicz**

Vir meer as honderd jaar was daar op byna elke Kanadese 5-sent stuk die beeld van 'n knaagdier van ongeveer 27 kilogram. Sommige Kanadese bevraagteken waarom hulle nasie 'n geldstuk met 'n knaagdier daarop munt, in plaas van dalk 'n manjifieke ysbeer. *Castor Canadensis* – die bewer – seëvier nogtans. Dit bly 'n simbool van harde werk, volharding en plig. Besig soos 'n bewer is inderdaad 'n frase wat gereeld gehoor word. Wat kan ons dus by hierdie onwaarskynlike leermeester leer?

In die vroeë dae van Europese nedersetting regoor Kanada, het geen enkele faktor so 'n groot invloed gehad soos die Noord-Amerikaanse bewer, wat ook regoor die Verenigde State en noordelike dele van Meksiko gevind word nie. Hulle is van spesiale belang vir setlaars wat verder in die noordelike dele van die vasteland woon. Vir eeue lank was bewervelle die dryfkrag agter verkenningsreise, uitbreiding, oorloë en politiek, nie net van Kanada nie, maar ook van die Verenigde State, waar dit in die vroeë 1800's die enkele belangrikste handelsartikel was namate die V.S. weswaarts uitgebrei het. Die bewer is gewaardeer vir sy pels, maar dit was ook 'n plaag omdat sy natuurlike gewoontes oorstromings, padverspoelings en verlies van waardevolle bome veroorsaak het. Saam het hierdie twee faktore 'n dramatiese afname in die bewerbevolking gesien wat byna tot uitwissing gely het in baie Amerikaanse streke waar hulle voorheen floreer het.

In die twintigste eeu het die stel van strikke afgeneem en bewerbevolkings het self weer op hulle eie begin toeneem met die hulp van omgewingsbewustes wat die waardevolle dier weer in ou habitatte gevestig het. Die herlewing van die bewer was inderdaad so groot dat sommige dele van Kanada programme begin het om bewer-aanwas te onderdruk om die probleme aan te spreek wat deur die toenemende bewerbevolking veroorsaak was. Daar is nou nuwe stemme ter verdediging van hierdie byna beswadderde knaagdier, wat wys op die bewer se waardevolle rol in die skepping van volhoubare omgewings.

**Harige hidro-ingenieur**

Bewers is ná die mens tweede in hulle vermoë om die omgewing permanent te verander om aan hulle behoeftes te voldoen. Bewers verander landskappe en bring water terug na gebiede wat voorheen dor was. Hierdie harige hidro-ingenieurs begin in 'n klein stroompie met vertikaal gepakte stokke, dan weef hulle takke deur die stokke en pak dit met modder of ander afval plantmateriaal soos opdrifsels ensovoorts. Hulle plaas groter stompe parallel met die watervloei, heg dit in plek met meer modder en afval en gaan dan voort met die proses om die struktuur se breedte en hoogte uit te brei. Sonder die hulp van wiskunde kan hulle instinktief 'n boog vorm om 'n dam wyer te maak om die verhoogde waterdruk te absorbeer, aangesien hulle werk die gevolg het dat die water dieper word.

Hulle werk sonder ophou. In die noorde van Alberta, wat oor die grens van die noordwestelike gebiede strek, is die *Wood Buffalo* Nasionale Park die tuiste van wat glo die wêreld se grootste bewerdam is, met 'n omtrek van ongeveer 2,000 meter en 'n oppervlakte van ongeveer 70,000 vierkante meter – groot genoeg dat dit sigbaar is op foto's wat deur satelliete, wat om die aarde wentel, geneem is. Die poel water wat deur die dam geskep word, bevat na raming ongeveer 70,000 kubieke meter water, gelykstaande aan 1,600 hokkiebane.

Bewers is goed ontwerp vir hulle rol. Hulle het tande wat nooit ophou groei nie, liggame wat perfek gemaak is om te swem, oë met ingeboude swembrille en die vermoë om vir 15 minute lank onder die water te bly. Hulle is gebou om swaar stompe, baie meer as hulle eie gewig, op te tel en na die water te trek. Hulle kon nie beter geskape gewees het vir

die werk wat hulle verrig nie.

Die geluid van lopende water motiveer hulle, omdat dit 'n bedreiging vir hulle tuiste inhou. Aangesien 'n bewer se blyfplek diep genoeg in die water moet wees om in die winter onder die ys in te gaan, moet enige vloeiende water gestop word. In een geval is 'n bandopnemer wat die geluid van lopende water naboots, in 'n gebied gelaat wat deur bewers bevolk is. Binne ure is die toestel toegedam en in modder begrawe!

**Onderhouer van ekosisteme**

'n Volwasse bewer kan meer as 400 bome per jaar afsny vir dam- en woonplek se konstruksie sowel as vir voedsel, aangesien boombas die bewer se primêre dieet is. Hulle werk is nie nét vernietigend nie, aangesien hulle gedeeltes van die woud naby 'n dam afsny, die gebied in werklikheid eintlik oop en skoonmaak vir welige groei van nuwe grasse, struike en jong bome en sodoende die voedselvoorraad vir wildlewe vermeerder wat ook voordeel trek uit die groter oorvloed van damwater. Die bewer se werk vernuwe en onderhou die ekosisteem. Wanneer die dam uiteindelik met slik en plantafval vul, beweeg die bewers verder, nadat hulle 'n nuwe weiveld geskep het. Hulle ou damme wat weggesteek word deur die welige groei van plante wat veroorsaak dat water onder die nuwe grondoppervlak vasgevang word, help om die gebied teen toekomstige droogte te beskerm.

Dr. Glynnis Hood het jare lank spandeer om die aktiwiteite van bewers en hulle impak op die landskap te bestudeer en te dokumenteer. *Alberta's Elk Island* Nasionale Park was 'n perfekte laboratorium, wat 54 jaar se rekordhouding oor bewerbevolkings en oop water in tye van surplusreën en droogte verskaf het. Haar werk is gepubliseer in 'n boek met die titel: *The Beaver Manifesto*, en daarin is gedokumenteer wat die impak van die bewer is om die ekosisteem droogtebestand te maak. Sy het bevind dat jarelange damme en mere waarin bewers gebly het, nege keer meer oop water gehad het as dammetjies waar bewers nie teenwoordig was nie, ongeag die reënval-syfers. In 2002 het Alberta een van die ergste droogtes in die geskiedenis gehad. In *Elk Island Park* was die enigste plekke met baie damwater, dié met bewerbevolkings. Soos sy geskryf het:

In die meeste plekke is 'n wêreld sonder bewers 'n wêreld sonder water en die lewe wat dit ondersteun.

Ten spyte van die goeie werk wat die bewers doen, beskou sommige mense hulle steeds as 'n probleem. Michel Leclair, bestuurder van *Gatineau Park* in Quebec, het jare lank probeer om bewer-aktiwiteite te beheer deur damme met dinamiet oop te skiet en bewers dood te maak. Die doeltreffende en vlytige knaagdiere het dit tog vinnig weer herbou, wat gelei het tot die versperring van afvoerpype en die oorstroming van paaie. Soos dit dus uitgebeeld is in die *Canadian Broadcasting Corporation* se dokumentêr, *The Beaver Whisperer*, het Leclair besluit om met die bewers saam te werk. Aangesien die geluid van bewegende water hulle motiveer om damme te bou, het hy die geluid van lopende water voortgebring deur pale in strome te plaas, wat die bewers aangespoor het om te bou op plekke waar hy wou hê daar 'n dam moes wees. Vandag bestuur hy 'n doeltreffende waterbestuurstelsel in 'n groot park – met honderde bewers wat as sy gewillige, gretige – in afwesigheid van vakbonde – onbetaalde staatsamptenare dien! Soos Leclair in *The Beaver Whisperer* beskryf, vereis die proses van die menslike bou van damme – selfs vir 'n kleinerige dam – duur en tydrowende ontwerp, ingenieursverslae, omgewingsevaluerings en konstruksiekontrakte. In plaas daarvan lok Leclair die bewers om die werk binne 'n kwessie van dae gratis te doen, sodra hy hulle wys waar die terrein is waar daar gewerk kan word.

**Die wildernis in 'n waterpoel**

Die Skrif beskryf die kwaliteit van lewe in die Koninkryk van God wanneer Jesus Christus terugkeer na die aarde. God sê: Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn 'n waterplas maak en die dor land waterbronne (Jesaja 41:18). God het die bewer as 'n harige hidro-ingenieur met instink geskep en geprogrammeer om Sy skepping te dien. Leclair se voorbeeld illustreer wat bereik kan word deur verkiesliker sáám met God se skepping te werk, in plaas van daartéén.

Laat ons dus die bewer waardeer – 'n simbool nie net

van Kanada nie, maar van ywerige bedrywighede regoor die hele wêreld. Die merkwaardige bewer is 'n omgewings-superheld wie se werk dit is om vir ander lewende wesens water te stoor, die ekosisteem teen droogte te beskerm, besoedelde water te filtreer, woude oop te maak vir nuwe groei, verlate gebiede en klein stroompies in vrugbare weivelde te verander en grondwater te herstel.

Wanneer die terugkerende Jesus Christus Sy Koninkryk op die aarde vestig, sal die planeet volgens sy beoogde toestand herstel word. Die vlytige bewer sal ongetwyfeld sy bydrae lewer. WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan ’n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!


***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur” (Hebreërs 7:3). Melgisedek was “soos die Seun van God”, en bly vir ewig God se Hoëpriester. Jesus Christus is nou ons Hoëpriester (Hebreërs 5:10) en Hy en Melgisédek is een en dieselfde ewige Wese. Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, kan u ons November-Desember 2009-artikel “Wie was die God van die Ou Testament?”, lees, beskikbaar by *wvm.co.za*.

Diegene wat Jesus Christus as 'n geskape wese beskou, verstaan nie God se verlossingsplan nie. Jesus Christus, die “Woord” wat vir ewig “God” *was* en voor die skepping “by God” was (Johannes 1:1-2), sal terugkeer as “Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:13-16) om ewige vrede op die aarde te vestig (Jesaja 2:2-4). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

"ontdek" wat al die maniere is waarop menslike seksualiteit "uitgedruk" kan word!

Die letter *A* word op meer as een manier geïnterpreteer, met *Ally* wat bondgenoot beteken waarvan dit maar net een vertolking is, alhoewel dit minder algemeen is. Dit is waar dapperheid inkom. Die eerste hoofstuk van die Bybelse brief aan die Romeine, beskryf in perfekte besonderhede wat ons reg voor ons oë kan sien gebeur. Die apostel Paulus het gewaarsku dat God se toorn oor hierdie wêreld sal kom omdat hulle God verwerp en omdat bose mense ewige waarhede onderdruk. "WANT die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar" (Romeine 1:18-19).

Paulus het verduidelik dat mans en vroue wat God verwerp, hulleself aan onsedelike gedrag sal oorgee. Hy gee 'n lys van sondes en waarsku dat dit nie net verkeerd is om daardie dinge te doen nie, maar die volgende is ook verkeerd, "hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen" (Romeine 1:32, vergelyk verse 24-31). Ons moet nie mense haat nie en daar is nooit 'n geleentheid vir 'n ware Christen om gewelddadig op te tree nie, maar ons moet *sondige praktyke* haat en dit nie aanmoedig of verskoon nie. In hierdie hartseer wêreld moet ons moed bymekaarskraap om in liefde die waarheid te praat.

**'n Boodskap van waarheid**

Die vorige Hoofredakteur van hierdie tydskrif, dr. Roderick C. Meredith, het *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig* geskryf. Hou in gedagte dat die volgende gedeelte in 1993 geskryf is:

> Daar lê vir ons, sowel as vir die meeste van ons mede-Engelssprekende nasies regoor die wêreld, 'n tyd van nasionale rampspoed voor – eintlik ***nasionale straf*** – ongekend in die hedendaagse menslike geskiedenis. Maand na maand, jaar na jaar, sal al hoe meer dinge op een of ander manier vir ons skeefloop. Die nasionale skuld sal toeneem. Die onsedelikheid en misdaadsyfer sal toeneem. Ons stede sal selfs minder veilig raak, toenemend geteister word deur wettelose misdadigers, *bende oorlogvoering* en *rasse-onluste* – uiteindelik ***voedselonluste***, as gevolg van die onafwendbare droogte en hongersnood wat geprofeteer is om ons nasies te tref.

Die tekens wat deur dr. Meredith geïdentifiseer is, is vandag meer aan die orde van die dag as toe hy daardie woorde geskryf het. Dié van ons wat hom geken het, weet dat hy nie gehuiwer het om die waarheid prontuit en vreesloos te verkondig nie. Ons moet dit ook doen.

Paulus het egter in Romeine 1:18 geskryf dat baie mense die waarheid onderdruk. Ons sien dit redelik gereeld gebeur wanneer 'n TV-kanaal of regering die hele of 'n deel van een van ons uitsendings sensor. Dit is al te dikwels onder die dekmantel van dit is nie gepas of "veilig" vir ons jeug nie, maar níks wat ons sê kan moontlik opweeg teen dít waaraan ons kinders op skool blootgestel word nie.

Timótheüs is deur sy raadgewer, die apostel Paulus, beveel om die waarheid te verkondig. Selfs gedurende sy tyd het Paulus gewaarsku dat daar 'n tyd sou kom wanneer mense nie die waarheid sou aanvaar nie en eerder leiers sou soek wat vir hulle sou vertel wat hulle wil hoor. "... daar sal 'n tyd wees," het hy geskryf, "wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Timótheüs 4:3-4).

*Die Wêreld van Môre* sal voortgaan om die waarheid te praat gedurende 'n tyd waarin baie mense nie die waarheid wil hoor nie. Ons moet dit doen, maar ons wil ook hê dat ons lesers sal weet dat ten spyte van al die slegte nuus rondom ons en die tyd wat voorlê, God in beheer is en daar is 'n gelukkige einde. Wanneer die mensdom op die rand van selfvernietiging kom, sal Jesus Christus

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:30 tot 12:00 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

terugkeer en 'n einde maak aan ons waansin. Hy sal dan Sy dienaars wat opgestaan het beloon met gesagsposisies om op hierdie veelbewoë planeet te regeer. Dit is die *wêreld van môre*, die Millennium – die duisendjarige heerskappy van Jesus Christus.

Die Koninkryk van God word in die boeke van die profete en in die Nuwe Testament verkondig. Dit is die Evangelie van Jesus Christus en dieselfde boodskap wat Sy dienaars verkondig het. Dit is die boodskap van die *Tomorrow's World* se TV-uitsending en hierdie tydskrif wat u besig is om te lees. Ek bid dat u hierdie boodskap ernstig sal opneem.



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**